God Veroordeel Nie Die Mens Sonder Om Hom Eers Te Waarsku Nie

"Roep tienduisend Engele," wanneer een die wêreld kon vernietig het: "maar Hy het gesterf vir jou en my." Dis so-iets waarop ek my boodskap vir Sondagoggend wil baseer, as die Here wil, op "Wat was Christus?" En nou verwag ons miskien hierdie meisietjies kan vir ons weer daardie lied sing, Sondagoggend. Broer Wheeler, ek wil darem sê dat jy beslis twee goeie dametjies daar het, en hulle kleredrag, en geen grimering en alles nie. Hulle lyk soos Christene vir my, en sing so en tree so op. Dis baie goed.

2 Ek glo ek het vir my vrou gesê nou die dag, ons het beslis 'n klomp vroue hierrond wat skoon lyk. Ek waardeer dit. Hulle lang hare en skoon gesigte, en ordentlik aangetrek. Ek—ek—ek bewonder julle elke keer wat ek—ek inkom. Ek het vir Meda gesê: "Ek wil hulle graag in 'n ry kry een of ander tyd, en hulle foto neem sodat ek vir ander kerke kan wys hoe ons kerk hier is," waar ons hierdie dinge sê en hulle gehoorsaam. En ons is bly. Dit doen iets vir ons. Ons weet dat wanneer ons—ons ons versoeke het, as ons hart ons nie veroordeel nie, weet ons dat God ons hoor.

3 Vanmôre is, 'n vriend van my, ver, ver van hier, uitgelê, hom weggevat en net—net kwalik aan die lewe, gedink hy sou dood wees net binne 'n paar minute. Hulle het gebel, dit was omtrent daglig. Ek het uit die bed geklim, op die vloer, en begin bid vir die ou kêrel en was deur die genade van God in staat om daardie gees te kontak, hier het dit teruggekom. Het reggekom, weer teruggekom, julle sien, lewe nog vanaand saam met ons, tot die heerlikheid van God. Dis ou Broer Dauch, een-en-negentig jaar oud, een-en-twintig—twintig jaar verby die tyd van sy lewensreis. Maar die Here is goed en vol genade, so ons is dankbaar daarvoor.

4 Nou, Broer Neville, ons kyk rond na mekaar en ek weet ek het net 'n klein . . . omtrent nog een diens om hier te wees, dit sal Sondag wees. En ek—ek wil nie my pastoor neem nie, ek hou net daarvan om hom te hoor preek.

5 Sondagaand, toe hy gepreek het, ek sê julle, ek het hier opgegaan saam met 'n vriend na hierdie inry, om 'n toebroodjie na die tyd te hê, Broer Evans en Suster Evans, en Broer en Suster Sothmann daarbo raakgeloop. Broer Sothmann en hulle almal

het melding gemaak van daardie wonderlike boodskap. En, ek sê julle, ek het heelweek daarop gelewe, amper. En party van daardie opmerkings, dat hoedat die volstruis dink hy het homself versteek gehad. Nou, dis waar, wanneer hy sy kop in die grond steek, maar die meeste van hom steek steeds uit. So dis hoe ons partymaal maak. Ons probeer ons kop agter iets versteek, daar's altyd . . . miskien wys ons steeds, julle weet. Hy sien elke deeltjie van ons, julle sien. So waardeer dit regtig.

6 Toe het ek gedink, wel, ek wil graag met die kerk praat en ek het gedink, wel, ek—ek . . . Broer Neville praat die heeltyd met julle, so dan wanneer ek hieronder is miskien inval. Ek wil nie genoeg van 'n huigelaar wees, en ek nie wil bel of niks, net daarbo by die huis sit en die kerk oop hieronder nie. Ek—ek het . . . Ek wil hieronder wees omdat ek julle liefhet.

7 Ek sê julle, ek—ek beslis soort van . . . Die weer hier akkordeer nie met my nie, en ek . . . en die landstreek akkordeer nie met my nie en ek is allergies vir die lug wat hier is. Sodra die lug my tref, slaan ek net uit in knoppe, oraloor, sien, en daar's niks wat jy daaraan kan doen nie. En ek . . . En ons voel nie goed nie, nie een van ons, wanneer ons hier is nie. Ons . . . kwalik een van ons het regtig goed gevoel vandat ons hier was, omdat ons soort van gewoond geraak het aan daardie hoë klimaat.

8 Maar, nou, een ding wat my hiernatoe trek is julle almal. Dis reg, julle almal. Julle weet, julle vind baie vriende, ek—ek is so dankbaar. Ek reken ek . . . as ek net getel het, persoonlik, mense wat ek ken, sou dit miskien miljoene om die wêreld wees. Dit was eenmaal geskat deur iemand, en waarskynlik om persoonlik te ken, omtrent tienmiljoen mense. Maar daar's iets omtrent—omtrent die huis, omtrent sekere mense: daar's net . . . almal het dit, daar's spesiale mense in jou lewe. Julle weet, ek glo dit. As daardie nie is nie, waarom is ons vrou dan spesiaal vir ons? En waarom—waarom is ons . . . Sien? Ons is . . . ons vroue, ons mans, ensovoorts, dit—dis spesiaal. En jy het dit met vriende. Daar's iets anders waarvan jy net hou om saam met hulle te wees en net met hulle te praat. Daar's klein plekkies.

9 En ek kan dink aan hierdie ou moeras hier waar hierdie kerkie gestaan het, en waar voordat dit hier gestaan het was dit niks anders as 'n—'n dam nie. Dis waarom die pad daarbuite sit, om om daardie dam te kom. Dit is eintlik die eiendom, en die straat kom reg by die deur daar verby. En, maar dit was 'n dam. En ek onthou om hier uit te kom en 'n plek te probeer kry om 'n kerk te bou vir die Here, en net 'n jong seun.

10 En ek het geluister na hierdie, hierdie jong kêrel en hierdie ander een hier oorkant, wat 'n rukkie gelede gebid het, met al daardie entoesiasme. Ek het gedink: "Jy weet, ek was altyd in staat om so te bid, sonder om na my asem te snak, kwalik." En dan raak jy ouer, jy word soort van 'n bietjie stadiger, jy weet,

en dit. Jy beweeg steeds, maar jy's "in tweede rat" soos ek vir Broer Woods daarbuite gesê het. Maar, en dan solank . . . En dan naderhand kom jy in lae rat, wanneer jy omtrent sewentig of tagtig word, reken ek. Maar, julle weet, die . . . jy beweeg steeds, egter. Solank jy kan beweeg, watter verskil maak dit? Net 'n bietjie meer tyd om daar te kom.

11 Ek onthou hoe ek gebid het, en net hier in hierdie onkruide, net hier waar hierdie preekstoel nou staan, net omtrent waar dit is, dis waar ek 'n klein pennetjie ingekap het waar ek geweet het om die preekstoel te sit. Die Here God het vir my hierdie plek gegee. Ja, meneer. Nou, net hier in hierdie hoeksteen lê my getuienis van 'n visioen daardie oggend wat ek dit gelê het, toe ek kwalik toe kon dink, gesê het: "Hierdie is nie jou tabernakel nie, maar doen die werk van 'n evangelis," het Hy gesê. Ek het uitgekyk en ek het die hele wêreld daar gesien, en die helder blou lug, en mense wat van oraloor af kom; dit lê in die hoeksteen daar. Hoe min het ek gedink dit sou gebeur, selfs al het die visioen so gesê; maar faal nie, dit gaan in elk geval daar wees.

12 Ek was in baie onderhoude hierdie week, want, Sondag, het die genadige Teenwoordigheid van die Here afgekom. En ek was veronderstel om Maandag te vertrek het.

13 Ek het . . . ons het nog nie 'n vakansie gehad, die kinders nie. My vakansie kom later, bietjie lateraan. Maar ek wou die kinders op 'n tydjie neem. Hulle moet teruggaan en skool toe gaan nou, en so het ek gedink hierdie week sou 'n goeie tyd wees. Chicago lê voor volgende week in daardie diens daar.

14 Maar toe die—die salwing van die Gees, het ek gedink: "Nou is die tyd om onderhoude te hê." Nou is die tyd dat hierdie . . . dat ek kan opvang met 'n paar van hulle daar. En daar's . . . Ek sien party van die mense wat hier sit wat in die kamer was. Hulle weet of die Here met ons ontmoet het of nie.

15 Vreemde ding dat . . . almal behalwe 'n vrou wat Billy ingesit het in 'n plekkie net tevore, 'n dame van Louisville, sy het 'n meisietjie gehad wat hier was, ek dink hulle het eintlik behoort aan die Kerk van God in Louisville of iets. Maar elke geval, elkeen van hulle wat ingekom het, voor ek die huis verlaat het, het die Heilige Gees vir my gesê wie hier sou wees, wat hulle sou vra. En ek het neergeskryf op 'n stuk papier en net gesê wat hulle sou vra en hulle vra en hoe hulle hulle sou vra, en hoe hulle beantwoord sou word. Dan sou ek hulle sê: "Hier's net wat jy . . . kyk nou, 'n paar minute gelede hier, wat die Heilige Gees . . ." Oorgeleun op die lessenaar, en gesê: "Sien? Hy het vir my dit gesê voordat jy selfs gekom het." Sien? Maar terwyl ek bo by die huis was, wie daar sou wees en wat dit sou wees, wat hulle gesindheid sou wees en alles daarvan, voordat ek selfs die huis verlaat het.

16 Ek het die tyd gesien, baiekeer, wanneer ek in die pad sou afkom, bid, ek sou daardie gebedsry sien verbygaan voor my en

elke naam weet wat in die gebedsry sou wees voor ek ooit hier gekom het. Dis reg. En selfs weet waar hulle gesit het in die kerk en wat hulle . . . hoe hulle aangetrek sou wees en hoe hulle sou lyk. Jy vertel nie mense alles soos daardie nie. Jy . . . Daar's dinge wat gebeur wat jy hulle net nie vertel nie. Dis nie nodig om hulle te vertel nie. Ek sê mense net dinge wat ek dink hulle gaan help, wanneer die Here my druk om hulle te sê, sê: "Sê dit." Jy wil nie alles vertel wat jy gesien het nie, want dit sou nie reg wees nie, julle sien, jy net . . . natuurlik, jy raak in die moeilikheid en alles anders soos daardie. Jy moet weet hoe om daardie dinge van die Gees van die Here te hanteer.

17 Ek het mense gehad wat voor my gestaan het, en vir my vrae gevra het, wat ek presies geweet het, maar ek sou hulle nie sê nie, want ek het net verplig gevoel om dit nie te doen nie. Julle onthou, ek glo dit was verlede Woensdagaand, ek gepreek het oor *'n Gevangene*. Sien? Sien, jy wil daardie persoon sê, maar Iets sê: "Moet dit nie doen nie." Die Gees sê: "Moet dit nie doen nie. Moet dit nie doen nie." Tog kyk 'n gawe reguit daarna, sien. "Moet dit nie doen nie. Moet dit nie doen nie." Sien, so jy beter dit nie doen nie; dan is jy in die moeilikheid by God.

18 Nou, ons kom nie vanaand hiernatoe net om hier te staan nie. Ons wil die Woord van die Here hoor. Julle het gebid en ons het 'n wonderlike tyd gehad, en—en ek . . . altyd wanneer ek afkom weet ek ek bring net 'n boekie teks, want daar's . . . Partymaal is Broer Neville so genadig, hy hou net aan om my te vra: "Sal jy *dit* doen," of "*dat* doen," of "*preek*?" En ek kyk hier deur totdat ek vir my een of ander teks vind en dan begin ons van daar af. En ek is seker . . . Nou, wees seker Sondag . . .

19 Nou, ek nie . . . Ons weet nooit nie, ons kan nie sê nie. Julle sien, ek het hiernatoe gekom op tye met—met 'n teks in gedagte waaroor ek sou preek, en hier gekom en dit heeltemal omgeswaai. En ek het Skrifte neergeskryf gehad, ek sê: "Ek gaan hierdie teks gebruik, ek gaan hierdie Skrifte gebruik. Soos hulle afkom, gaan ek *dit, dat* of die *ander* sê." Ek sal neerskryf, net soos, Een Korinthiërs 5:15, en Twee Korinthiërs 7:1, en Matthéüs 28:16, sovoorts, net dit so neerskryf, hier neer soos hierdie, en hierdie Skrifte neerskryf. En daar afkyk, ek weet wat die Skrif daar sê; dit partymaal nie eens aanraak nie, heelpad om op 'n ander manier gaan, heeltemal. En ons weet net nie.

20 So nou, as die Here wil, wil ek praat, ter afsluiting van hierdie reeksie dienste vandat ek hier was, Sondagoggend, oor 'n baie belangrike ding. So, nou, kom vroeg, voorbereid om net 'n bietjie laat te bly, miskien omtrent twee-uur, so-iets. En so is dit . . . Ek het omtrent dertig of veertig Skrifte alreeds neergeskryf oor die onderwerp, maar ek dink wat dit . . . wat ek gaan probeer doen, as die Heilige Gees my sal help, om die Boodskap te kry en die plek waarby Dit nou is, en Dit te bou reg waar Dit begin het, en Dit reg op te bou tot die huidige tyd.

21 Sodat wanneer ek—ek vertrek vir Chicago, dan moet ek reguit Arizona gaan, en dan aan, aan en aan. En dit mag wees, sover ek weet, mag dit weer volgende jaar wees, miskien volgende somer, voordat ek weer kan terugkom na die tabernakel, behalwe net weer hier verbygaan, want ek het dienste.

22 En Billy, werk net nou, aan oorsee vir 'n volledige wêreldtoer wat net dadelik na Kersfees begin. En dis alles bespreek tot omtrent rondom Desember, en, wel, miskien die eerste week in Desember, Dallas. So dan—dan in Januarie wil ons begin op 'n volledige wêreldtoer, die heelpad om, volledig, en ons werk nou daaraan, vind net waar die Here sal lei. En—en ek—ek is so dankbaar teenoor die . . . selfs teenoor die mense, die predikers, soveel as wat ek teen hulle—hulle denominasies en dinge soos daardie sê.

23 Julle weet, op die boeke wat net daaragter lê nou, Broer Roy Borders sorg vir die uitnodigings, en vanaf Kersfees, die eerste van die jaar, was daar meer as 'n duisend uitnodigings om die wêreld. 'n Duisend uitnodigings het daaragter ingekom. So die Here moet my net lei na watter een van daardie om te gaan, en wat om te doen. Ons maak net staat op Hom. Jy kon hulle nie almal neem nie. Jy—jy kon nie meer as agt of tien van hulle in 'n somer neem as jy moes nie, in 'n—in 'n volledige . . . behalwe as jy een aand hiernatoe gaan en een aand daar, en dis . . . hulle vra vir twee weke en drie weke, ensovoorts, so lank as wat jy kan bly, of party van hulle sê "net so lank as wat die Here sal lei," en—en alles soos daardie, so jy weet net nie presies waar om te begin, of wat om te doen nie. So ons lê hulle net voor die Here, sê: "Nou, sê U vir ons, Hemelse Vader." En help julle my om te bid oor hierdie saak, sien, help julle my bid dat ons dit kan klaarkry.

24 En ek het gedink, na die genesingsdiens verlede Sondag, dan miskien hierdie Sondag, as ons net die lering neem en dit reg opbring en wys wat—wat die tyd is wat ons . . . waar ons is, wat—wat—wat—wat die—die drie-voudige doel van God se groot plan vanaf voor die grondlegging van die wêreld is, en dit afbring na vandag, die drie-voudige plan van God, die plan. Ek werk nou aan die tweede deel, kry die Skrifte uit, en soek hulle en plaas hulle.

Nou, laat ons sien, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

25 Here Jesus, die groot Skaapwagter van die skaaptrop, ons het hier vanaand vergader in U genadigste, heilige Naam. Ons het U lief, Here, en ons dank U vir hierdie biduur aand, vir die gesange van die kerk, soos ons hulle gesing het met vreugde in ons harte, en—en hulle gehoor het soos hulle ingekom het, hande geklap het. En toe het ons op ons knieë gegaan en ons almal ons harte uitgestort teenoor U, en U gedank vir wat U vir ons gedoen het, en—en U gevra om aan te hou wandel met ons.

26 En nou het die uur aangebreek vir die lees van die Woord en vir iets om oor te praat, met die mense. Rig ons in ons gedagtes, Vader, en ontvang heerlikheid. En sê vanaand iets, deur ons, wat ons almal sal help om hier uit te gaan met 'n doel in ons harte om beter te lewe en nader aan U as wat ons ooit het. Dis waarvoor ons hier is, Here, ons is hier om meer van U te weet. En ons bid dat U U groot Wese aan ons vanaand sal ontvou in die openbaring van U Woord, dat ons mag weet hoe om 'n—'n beter Christen te wees en hoe om op te tree in hierdie laaste dae. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

27 Nou, my sig val op 'n teks hier van Jesaja, Jesaja 38. Laat ons oorkant lees na Jesaja, Jesaja 38.

> *In dié dae het Hískea dodelik siek geword; en die profeet Jesaja, die seun van Amos, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die* HERE*: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie.*
>
> *Toe draai Hískea sy gesig na die muur, en hy het tot die Here gebid*
>
> *en gesê: Ag,* HERE*, dink tog daaraan dat ek voor U aangesig in trou en met volkome hart gewandel het, en gedoen het wat goed was in U oë. En Hís- . . . Hískea het bitterlik geween.*
>
> *Toe het die woord van die* HERE *tot Jesaja gekom en gesê:*
>
> *Gaan sê vir Hískea: So spreek die* HERE*, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, jou trane gesien; kyk, Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg.*

28 Mag die Here Sy seëninge voeg by hierdie voorlesing. Dis 'n baie besondere onderwerp vir 'n baie kort boodskap hier, glo ek. Ek wil dit noem: *God Veroordeel Nie Die Mens Sonder Om Hom Eers Te Waarsku Nie*. En ons moet—ons moet—ons moet die—die agtergrond of die platform daarvan hier kry, in hierdie teks vanaand, God wat die mens waarsku voordat Hy hom na sy dood bring.

29 Nou, almal het dit. Ons mag sê: "Wel, *hierdie* kêrel het gesterf sonder 'n waarskuwing." Nee, nee, nee. God nooit . . . Jy weet nie wat in daardie man se hart was nie, jy weet nie wat aangegaan het in sy lewe nie. Sien? God bring nooit enige mens na sy dood sonder om hom eers daaroor te waarsku, hom te sê nie, dis iets, 'n voorbereiding. God is—is soewerein, en Hy—Hy klop aan die hart van elke mens, gee hom die geleentheid om te kom. Nou, Hy mag weg waarsku en Dit van die hand wys, en—en sy kop skud Daarvoor en wegstap, sê: "Ag, dis net 'n snaakse gevoel, ek sal daaroor kom." Maar, in elk geval, was dit God, God wat met hom praat.

30 En God bring nooit eens oordeel oor die aarde, sonder dat Hy eers die mense 'n waarskuwing gee nie. God doen nooit iets sonder om dit eers te verklaar wat Hy gaan doen nie. En Hy gee mense 'n keuse, en jy kan—jy kan reg of verkeerd doen. Dis Sy . . . Sien, God kan nooit Sy—Sy natuur verander nie. Sy program kan nooit verander vanaf waarmee Hy begin het nie, want Hy's oneindig en Sy program en Sy idees is almal volmaak. So, as Hy Dit sou verander, dan sou dit wys dat Hy meer geleer het. So, as oneindig, kan Hy nie meer leer nie. Sy—Sy eerste—Sy eerste besluit is altyd volmaak, en daar's niks wat Dit ooit kan verander nie. Sien?

31 God, voordat die mens ooit geplaas was . . . 'n kans gehad het om verkeerd te doen, het God hom op die basis gesit waar hy kon aanvaar of ontken, hy kon ontvang of—of nie.

32 Sê, terloops, as daardie prediker hier is, Broer Baker, ek glo was op die—die onderhoude nou die dag, ek het sy vrae wat hy vir my uitgeskryf het oor die saad van die slang. Ek het hulle wat nou hieragter lê. As hy hier is, wel, wel . . . Ek sien hom nie iewers net op die tydstip nie. Maar dis hier. Hy en sy vrou, 'n baie gawe man en 'n—'n vrou, maar hulle—hulle kon nie 'n paar dinge verstaan omtrent die lering van die saad van die slang nie, hoedat—dat . . . party vrae omtrent wat ek gesê het, en—en preke daarna, en—en gepraat van die—die bevrugting ensovoorts. Maar ek . . . dan is dit net soos die broer, 'n gawe man, net 'n Christen vir 'n paar jaar of twee, maar het net nie verstaan nie, julle sien.

33 Dis moeilik as jy nie . . . Jy moet staatmaak op die Heilige Gees, want hierdie Bybel is geskryf in raaisels. Jy kan nie net gaan sit en Dit lees soos 'n koerant nie. Dis verborge. Ja, meneer. Hoe kan jy God ooit regverdig toe Hy vir Moses daarbo gesê het, gesê: "Nou, moet jy nie enige gesnede beelde maak nie," in Sy gebooie: "moet jy nie enigiets maak soos die Hemel nie, enige—enige Engel, of enigiets anders nie, moenie enige gesnede beelde maak nie," en tog vir hom op dieselfde dag vir hom gesê om twee Engele uit koper te maak en hulle reg by die genadetroon te sit, waar die genade is? Sien? Jy moet God ken, en Sy Geaardheid, voordat jy Sy Woord kan verstaan. Hy—Hy—Hy het die sleutel tot daardie Woord, Hyself, en Hy—Hy's die enigste Een wat Dit kan hanteer en Dit oopmaak, en so is Hy die Een wat Dit moet openbaar.

34 En nou, vind ons uit dat Sy Geaardheid was, hier, om altyd 'n mens te waarsku voor oordeel, om 'n volk te waarsku voor oordeel, ensovoorts. Hy gee altyd Sy waarskuwing, 'n herinnering aan ons, van 'n verantwoordelikheid. Ons is verantwoordelik, en God het ons hier op die aarde geplaas vir 'n rede, en daardie rede waarvoor Hy ons hier geplaas het, ons is verantwoordelik teenoor Hom vir daardie rede. Jy behoort na Hom toe te gaan en uit te vind wat Hy wil hê jy moet doen. Sien? As jy nie . . .

35 As jy gaan werk het vir 'n man, en hy gee vir jou 'n werk op 'n plaas, of iets anders, en jy het net uitgegaan na die stal en net daarbuite gaan sit, en sê: "Wel?" Sien, jy moet hom gaan vra wat hy wil hê jy moet doen, en dit dan gaan doen. As jy werk vir 'n man, vind uit wat jou pligte is.

36 En dan as ons lewe op die—die aarde hier is, dan moet ons gaan na die Een Wie ons hier gesit het, en: "Here, wat wil U hê moet ek doen? Wat—wat—wat moet ek doen? Waarom is ek hier?" As dit is om huisvrou, skottelgoedwasser te wees, as dit is om te wees . . . Wat ook al God wil hê jy moet doen, dan doen jy dit die heel beste wat jy weet hoe om dit te doen. Maak nie saak hoe gering, maak nie saak hoe gering dit is nie, jy moet dit doen.

37 Jy sê: "Wel . . . " Die probleem daarvan, is, elkeen van ons wil die ander man se werk doen. Ons wil almal die bal dra, soos ons sê, julle sien.

38 Soos hierdie horlosie hier, nou, elke klein beweging daarbinne het sy plek. Nou, elke deel daarvan kan nie die wysers wees nie. Nou, ek kyk net na die wysers om te sien wat die tyd is. Maar as een van daardie wieletjies daarbinne uit plek raak, sal dit nie die regte tyd hou nie.

39 En dis hoe dit is met mense. Ons almal, die Liggaam van Christus, moet in hulle posisie wees, in harmonie. Sien? En dan kan ons rondkyk en sien watter tyd van die dag dit is. Sien? Dan kyk die wêreld om te sien wat dit is. Sien? Sien? Maar hulle hou jou dop. En as jy net 'n klein haarspringetjie is, hoofspring, of wat jy ook al is, doen jy die heel beste werk daarmee wat jy kan.

40 Nou, want, ons het 'n verantwoordelikheid wat ons voor God moet antwoord eendag. Elke mens wat op die aarde kom, moet teenoor God antwoord vir 'n verantwoordelikheid. En, vir baie van ons, 'n rentmeesterskap, waarvoor ons moet antwoord. Ons . . . Hierdie verantwoordelikheid is 'n rentmeesterskap wat deur God aan ons toevertrou is, ek gee nie om wat dit is nie. Soos ek 'n paar oomblikke gelede gesê het: "'n huisvrou," wees dan 'n egte huisvrou. Dis reg. As dit is om 'n boer te wees, wees 'n egte boer. Wat dit ook al is, wat God op jou geplaas het om te doen, het jy 'n rentmeesterskap vir dit, jy moet daarvoor antwoord voor God, want dit neem al hierdie dinge om dit te doen.

41 Hískea is gesê om gereed te maak en om gereed te kom omdat hy sy Maker moes ontmoet. Nou, Hískea was 'n koning, en 'n—'n groot man. Het julle sy pleidooi hier opgelet? "Here, ek vra U om my in ag te neem. Ek—ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." Wat 'n getuienis is dit aan—aan—aan ons vandag, en dit sou wees, 'n man wat voor God wandel.

42 Selfs dood was uitgespreek oor die man en tog het God van plan verander oor hom, want Hískea wou iets doen en God het gesê Hy "sou ons die begeertes van ons hart gee." En Hískea se tyd het gekom, en hy—hy het 'n kanker op hom gekry, of

so-iets, en—en hulle het dit "'n sweer" in daardie dae genoem, maar ons weet swere maak jou nie gewoonlik dood nie, hulle word net gesond. Maar dit was miskien 'n kanker, en dit het oopgegaan soos 'n sweer. En—en God het vir Jasaja gesê, gesê: "Gaan soontoe en sê vir hom dat hy gaan sterf." En Hískea het iets gehad wat hy nog wou doen. Hy het—hy het . . .

43 Wanneer jy enigiets voor God bepleit, moet jy 'n rede daarvoor hê. Dis net soos hierdie Skrif waarna ek so dikwels verwys: "As jy vir hierdie berg sê: 'Word opgehef,' en nie twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." Nou, dis heeltemal beheer deur motief en doel, sien, of dit sal nie gebeur nie. Sien?

44 Jy kan nie net hier uitgaan . . . Dis waar baie van ons baie foute maak, is uitgaan en sê: "Nou, ek sal jou wys ek het geloof om dit te doen." Nou, jy's verkeerd om mee te begin. God gee jou nie gawes om net daarmee te speel nie.

45 Soos ek 'n rukkie gelede gesê het, Hy wys jou nie net visioene om daarmee te speel nie. Dis niks om mee te speel nie. Dis heilig. Gebruik dit net in . . . soos die Here jou sal toelaat. Wees 'n gevangene vir Hom. Maak nie saak hoeveel jy vir daardie kêrel wil sê hy's verkeerd, of wat hierdie, daardie, of die ander nie, bly jy net stil totdat God so sê. Dan wanneer God so sê, dan kan jy uitkom met SO SPREEK DIE HERE! Tot dan, vergeet net daarvan.

46 Die—die wêreld vandag is net soos Hískea toe was, dit is gewaarsku. Dit word die heeltyd gewaarsku. Die kerk is gewaarsku. En, nou, hierdie dinge gebeur nie net per—per toeval nie. Hulle het almal iets agter hulle.

47 Nou, Hískea, wat siek was, hierdie sweer gehad het, dit was nie per toeval nie. God het Jesaja soontoe gestuur en vir hom gesê om sy huis in orde te kry nou, omdat hy sou sterf. En Hískea het geween, en vir God gesê: "Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart, en ek—ek bid dat U my lewe sal spaar vir 'n rede, 'n goeie rede, die saak van God."

God het vir die profeet gesê, gesê: "Gaan terug en sê hom."

48 Nou is dit nie vreemd nie? Hískea was die grootste man in die land. Sien? Hískea was 'n koning, en 'n goddelike man. Hy was 'n ware man, as hy dit voor God kon bepleit en God het hom nie daarvoor bestraf nie: "Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." Nou dit sê baie. Sien?

49 En God het nooit gesê: "Nee, Hískea, jy het dit nie gedoen nie," maar Hy het erken hy het dit gedoen. En Hy het gesê: "Ek gaan—Ek gaan jou lewe 'n bietjie langer spaar." Sien? "Ek gaan jou jou versoek toestaan," sien, want hy was 'n regverdige man, en hy was 'n—'n ware dienaar van Christus.

50 En dan voel ons dat ons 'n reg het om iets te vra as—as ons doelwit reg is, en ons motief dan daarvan.

51 Nou, ons sien vandag, dat vir die afgelope baie jare, ek sou sê vir die afgelope vyftien jaar, tot meer jare, was dit die heeltyd 'n waarskuwing regoor die volk: "Bekeer, of vergaan!"

52 Julle let op, ek het vandag gepraat met die vrou net vroeg vanmôre, en ek . . . vroeg by ontbyt, het ons gesit aan die tafel aan die praat voor ek vertrek het. En ek het gesê: "Vrou . . . " Sy het gepraat van Billy Graham, en van sy vrou, net hoe gewoon en alles hulle probeer lewe. Ek het gesê: "Dit is ware dienaar wanneer hy nie probeer . . . wanneer hy . . . man maak miskien twee- of driemiljoen 'n jaar buite in sy veldtogte, maar hy ontvang dit nie, sy stigting neem dit, plaas dit terug in die werk, en die uitsending, en Billy kry omtrent vyf-en-twintigduisend 'n jaar."

53 Sy het gesê: "Hoe sou hy ooit vyf-en-twintigduisend 'n jaar spandeer?"

54 Ek het gesê: "Hy—hy neem net wat hy moet hê, dis al. Hy het 'n huis om voor te betaal, en alles." Ek het aangegaan, en ek het gesê: "Ek het baie respek vir Billy Graham," het ek gesê: "omdat hy 'n boodskap het, en daardie boodskap is bekering."

55 En dan, sê ek julle, daar is niemand waarvan ek weet, wat in die land vandag, wat God gebruik het met daardie boodskap soos Billy Graham nie. O, hy het dit net reg, en hy staan net daar en, ek bedoel, hy roep daardie politici en kerklidmate tot bekering. Maar dis sover as wat hy gaan.

56 En hier kom Broer Oral Roberts, nog 'n groot dienaar van die Here. En daar's niemand wat daar uitkom en vergelyk met Oral Roberts nie. Daardie bulhond-greep van net—van net bose geeste uitdryf en die Naam van die Here aanroep en—en sensasietjies, ensovoorts, van Goddelike genesing. Dis presies reg. Daar is 'n boodskapper na die Pinkster.

57 Daar is 'n boodskapper aan die kerk denominasionele wêreld, sien, en die koue wêreld.

58 En kyk dan rond in ons eie nederige klein bedieninkie, wat staan "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd," julle sien. Wat doen dit? Roep daardie Bruidgroep, julle sien. Sien? Sien, dit—dit roep uit albei daardie groepe. Dit neem 'n Wiel uit die wiel. Julle sien wat ek bedoel?

59 En dan bevestig God daardie boodskap wat Billy Graham preek. God genees die siekes deur Oral Roberts se gebede. En God bring daardie dinge wat Jesus . . . bewys dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En dit roep daardie dinge wat . . . Dis boodskappe van die uur. En elkeen van daardie boodskappe roep: "Bekeer, of vergaan!" Dis reg. "Bekeer, of vergaan!" Daar's geen hoop nie, dis alles daarmee heen. Wêreld is

gewaarsku van Sy Koms. Elkeen van daardie boodskappe praat en waarsku van die Koms van die Here Jesus, beide aan die kerk denominasioneel . . .

60 Onthou, God is altyd in drieë. Soos Vader, Seun, en Heilige Gees; en regverdigmaking, en do- . . . en heiligmaking, doop van die Heilige Gees; sovoorts; Hy's in drieë.

61 Nou, God is daardie boodskap van bekering aan die kerk nominaal. God is in daardie boodskap van Goddelike genesing aan die kerk Pinkster. God is in die boodskap aan die Bruid. Sien? So ons vind uit dat almal van hulle roep, een na *hierdie*, hierdie na *daardie*, en daardie na *daardie*. God wat die kerk uit die wêreld roep; die . . . die kerk in die denominasioneel in Pinkster inroep; en die Bruid uit Pinkster uitroep. Sien?

62 Soos Luther, Wesley, en nou. Sien, dis net heeltemal volmaak getipeer en daar's geen fout daarmee nie. Dit sal reg rondom die punte daarvan tref, en kante daarvan, en binne en buitekant daarvan, en het dit gewys deur die Skrif, die kronologie daarvan, totdat ons weet dit is absoluut die Waarheid. Sien? Daar's geen fout nie. Sondag hoop ek dat God dit so diep insink, dat julle nooit in staat sal wees om daarvan weg te kom nie. Sien?

63 Nou, God wat waarsku: "Maak gereed vir 'n oordeel." Die atoombomme is in die skure, alles is gereed. En God, voordat Hy hierdie ding kan laat gebeur, maak Hy 'n oproep regdeur, soos Hy het in Sodom: "Kom daaruit. Maak gereed. Daar is iets wat gaan gebeur."

64 Soos in die dae van Noag, voor God die waters gestuur het om die wêreld te vernietig in die groot wêreld voor die sondvloed wat afgekom het in sonde in, soos Jesus duidelik gesê het dat dit was 'n dag soos hierdie. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Hoedat die vroue amok maak, en—en trou en in die huwelik gee, en—en die groot wetenskaplike prestasies, en die slim geleerdes wat in die intellektuele kant ingaan, en die klein nederige Kuddetjie wat aan die eenkant sit en wag vir die komende oordeel en die ontsnapping. En voordat God daardie oordeel gestuur het, het Hy 'n profeet gestuur.

65 Soos Hy het na Hískea, Hy het gesê: "Maak gereed, want die oordele is gereed om te val."

66 En Hy maak die mense gereed vir die tyd. Noag het die mense gereedgemaak, en dit was 'n oproep om genade voor oordeel.

67 Ninevé is laat weet voor hulle tyd. God het afgekyk na Ninevé, en Hy het gesê: "Ek's—Ek's net siek en sat van hierdie dinge." Ek—ek—ek verstaan dat—dat die . . . hoewel daardie groot, heiden, Heidense wêreld . . . Hulle stad, soos dit was in daardie dae, het hulle hulle geoordeel volgens stad. Nou is dit volgens volke, nou nadat die bevolking versprei het soos dit

het. Hy het gesê: "Daardie groot stad is oorgegee, heeltemal, aan sonde."

68 En God, voordat Hy oordeel sou stuur, het Hy 'n waarskuwingsboodskap gestuur: "Kom daaruit! Kom reg!" Kyk, die profeet het nooit niks gesê behalwe—behalwe om te kry . . . Gesê: "Binne veertig dae sal hierdie stad vernietig word."

69 En, o, hoe dit partymaal moeilik is om sulke dinge te doen, om mense te sê. As die profeet nie dophou nie, sal hy in die moeilikheid beland, want hy sal soort van afgaan na een kant, dit probeer maklik maak, of 'n bietjie hier toegee of 'n bietjie daar. Maar die ware profeet wat die bevel van God het, moet nooit toegee oor niks nie, hy behoort dit absoluut op die lyn te lê.

70 Dis waarom Hy die Gees van Elía soveel gebruik het, sien, omdat daardie Gees altyd Sy bevele uitgevoer het. Julle sien? Sien, dit het Sy bevele gebring net presies wat Dit was, en altyd 'n "Kom terug na die Woord!" Sien? Altyd 'n bring hulle terug na die Woord.

71 Nou, ons vind Ninevé in sonde. En die profeet was huiwerig omdat dit 'n Heidenwêreld was, sien, dit was 'n Heidense volk, 'n Heidense mense; nie sy eie nie, dit was nie Hebreërs nie. Hulle was Heidene. En 'n groot skip, kommersiële hawe wat Ninevé was, groot vis industriële daar; die mense het visgevang. En—en hulle—hulle het . . . moes 'n groot sondige land daar gehad het. Baie geld; en—en waar geld baie is, en mense in die gewilde opinie van die dag is, kom sonde altyd in, en geweld.

72 God was moeg daarvan. So Hy het 'n profeet in die land gehad, so Hy het vir Sy profeet gesê: "Gaan daar af na Ninevé roep uit, en sê: 'Binne veertig dae gaan die stad vernietig word.'"

73 Nou, Jona het nou gedink: "Jy weet, ek mag 'n bietjie probleme kry." So hy wou meer seker wees, so hy het gedink hy sal 'n vakansietjie neem en afgaan na Tarsis. En ons vind uit dat die . . . daar was net veertig dae oor. Sien?

74 So die Boodskap is dringend, die tyd is op hande. Moenie rondspeel met ander dinge en 'n Baccalaureus Artium graad kry en iets uitvind nie. Die tyd is op hande! Dis wat die probleem is met mense vandag; ons probeer groot skole opbou en groot dinge soos daardie hê. Wanneer genade . . . Goeiste! As ons die Koms van die Here preek, waarvoor het ons skole nodig? Ons het bekering teenoor God nodig! Sien?

75 Soos Hudson Taylor gesê het aan die jong sendeling, hy het gesê . . . Of, 'n jong Chinese seun wat na hom toe gekom het, hy het gesê: "Mnr. Taylor," gesê: "die Here Jesus het my gevul met Sy Gees." Gesê: "Ek—ek's so bly!" Gesê: "Sal ek nou tien jaar neem en my grade kry ensovoorts?"

76 Hy het gesê: "Seun, moenie wag vir grade nie. As die kers aangesteek is, gaan vertel Daarvan! Gaan vertel Daarvan.

Moenie wag vir 'n graad nie. Nee, jy sal halfpad uitgebrand wees voordat jy klaarmaak met jou graad."

77 Laat ons, wanneer dit aangesteek is, as jy niks anders weet nie, sê net hoe dit aangesteek is. En moet net—net nie iemand anders se plek probeer inneem, of sitplek nie. Wanneer jy dit weet, vertel net wat jy weet die Waarheid is: "Dis hoe Dit na my toe gekom het, en dis hoe ek Daaroor gevoel het." Dis . . . As jy nie meer as dit weet nie, sê dit! Laat ons gaan! Die Boodskap is dringend, die tyd is op hande.

78 Nou, wat as Jesaja sê: "Wel, nou sal ek wag en kyk hoe dit met hom gaan met daardie sweer, eers, julle sien. Sien hoe dit—hoe dit . . ."?

79 Sien, God het vir hom gesê: "Gaan soontoe en sê hom, dadelik!" Sien?

En Hy het vir Jona gesê om te gaan. O, goeiste!

80 En toe hy daarbuite gekom het in daardie oseaan en in daardie diepsee, en—en die skip vertraag is in die storm, en hulle die seil moes ophys en om en om draai, het hulle gewonder wat die probleem daarbuite was. Maar hulle kon nie uitmaak nie, gelyk asof die ding vol water word. En—en elke man het geroep na sy god, en die eerste ding waarvan jy weet . . . Jona was op sy vakansie, so hy het gedink hy mag net sowel slaap, en hy het afgegaan in die waterdigte deel van die skip, en daarbo gelê met sy voete op, aan die slaap. En hy het gesê: "Word wakker, o luiaard, en roep na jou God!" En Jona het geweet wat verkeerd was.

So weet elke mens wat vandag verkeerd is! Sien?

81 En hy het gesê: "Dis alles my fout. Neem my en maak my hande vas, en gooi my uit in die see, en dan sal hierdie probleme ophou." En hulle was soort van 'n goedhartige klomp kêrels, en hulle wou dit nie doen nie, maar hulle het uitgevind hy was 'n profeet en geweet waarvan hy gepraat het. Hy het gesê: "Ek—ek het gedink ek sou eers my vakansie neem, maar—maar die Here wil nie hê ek moet hierdie vakansie neem nie. Ek moet daarnatoe gaan, ek het 'n werk om te doen. En ek het gedink ek sou 'n bietjie rus voordat ek gaan, maar ek moet gaan. Die—die boodskap is dringend, ek moet daar kom."

82 Ek sou my voorstel, toe daardie sekere voorbereide vis Jona onder in sy maag gekry het, het hy omgedraai en water regoor die land gegooi, en vertrek na Ninevé so vinnig as wat hy kon gaan. God het daardie boodskap soontoe geneem in daardie sekere voorbereide vis. En hy het vertrek na Ninevé net so hard as wat hy kon gaan, want hy—hy het die boodskapper aan bood gehad en hy moes hom daar kry. Hy het die verkeerde skip geneem, maar God het vir hom 'n skip voorsien.

83 So, julle weet, God is in staat om groot dinge te doen as ons net na Hom luister. Sien? Hy—Hy sal maak—Hy sal weë maak waar daar geen weg is nie. Hy is die Weg. Sien? En wanneer die Boodskap absoluut dringend is, soos Dit vandag is, voorsien God 'n weg.

84 Ons let weer op toe Amos. . .Ek het gepreek oor hierdie kêrel, Amos. Ek wil graag die storie een of ander tyd lees, dis wonderlik, die storie lees van Amos, eerste hoofstuk van Amos. Hy's nog 'n tipe van die—die waarskuwing voordat oordeel sonde tref. Nou, die stad waarnatoe hy gegaan het om teen te waarsku, daar oorkant, was 'n klomp Jode wat—wat hulle almal soort van van die gebaande lyn afgegaan het, en 'n groot toeristesentrum geword het. En—en ek reken, soos ek die illustrasie daardie oggend gegee het, van hom gepraat het, dat, toe sy kaalkop bo-oor die kruin van die heuwel kom, en sy ogies vernou het soos hy afgekyk het en die sonde van daardie groot volk en mense gesien het, sy wit baard soos hy dit gevoel het soos daardie. Goeiste, wat 'n ding! Maar niemand weet waar hy vandaan gekom het nie.

85 Niemand ken daardie profete nie, hulle staan net op van iewers af en gaan dieselfde manier.

86 Maar hy het gegaan in die stad in met "SO SPREEK DIE HERE! Bekeer, of vergaan! Want God sal hierdie volk vernietig. Hy sal—Hy sal hierdie plek van die aarde afvee. Julle het 'n ooreenkoms met julle vyand gemaak. En julle is—julle is in vrede, dink julle, met julle vyand, maar die heeltyd bou—bou die Assiriërs op daarbuite. Julle kan nie saamstap as julle nie saamstem nie. Dis al." So hy het gesê. . .

87 En God wil hê ons moet onsself afsonder. Hy wil hê ons moet "uit die wêreld uitkom," nie probeer om saam met die wêreld en God ook te lewe nie, nie agter die wêreld aan te gaan, en agter God nie. Hy moet lewe vir die Een of die ander, jy moet Een of die ander glo.

88 En nou vind ons uit dat, hierdie Amos, hy het beslis 'n oordeel oor hierdie mense voorspel as hulle nie bekeer nie. (En—en, goeiste, so—so goed pas dit ons dag.) Ek dink hierdie groot stad, met die deurkyk daarvan weer, die groot stad daaronder, hoedat dit heeltemal oorgegee was, en—en 'n groot ekonomie wat hulle van alles gehad het, vooruitstrewend. En hulle het gedink hulle was net presies in die wil van die Here, omdat hulle vooruitgegaan het. Maar hulle het uitgevind dat God nie altyd die outeur van vooruitgang is nie. Nee, God. . .Partymaal wanneer vooruitgang die kerke tref, kom dit weg van Hom.

89 Julle weet, God het eenkeer met Israel gepraat, gesê: "Ek het jou bebloed in die veld gevind, en Ek het jou gewas en jou ingebring," om Sy Eie kind te wees. "En toe, toe jy groot geword het, en 'n pragtige jong vrou, het jy die rol van 'n hoer gespeel." Hy het gesê: "Jy—jy—jy het jouself net gegee aan elke

verbyganger." Sien? "Maar toe jy arm en behoeftig was, toe—toe jy behoefte gehad het, het jy My gedien. Maar toe Ek jou geseën het en jou baie gegee het, toe het jy weggegaan van My." En dit het net omtrent so bewys. O, goeiste!

90 Nou, vind ons uit dat hierdie profeet regtig afgekom het op daardie volk, hierdie Amos. Hy was net 'n ploegman. Maar ons vind uit dat toe hy het, afgekom het en hulle gesê het wat dit sou wees, en vir hulle gesê dat as hulle nie regkom met God nie, dat die vyand wat hulle in vennootskap mee gegaan het, die einste een sou wees wat hulle sou vernietig.

91 Nou vind ons uit dat ons trotse Amerika nie die oordeel van God gaan ontsnap nie. Soos ek eendag gesê het vandat ek hier was, ek is seker dit was hier, of alles aan die einde. Julle weet, ek—ek kan niks sien om na op te bou nie. Jy kan nie bou na politiek nie, dis gedaan. Jy—jy kan nie bou na sosiale lewe nie, want dis so gedemoraliseer. Daar—daar—daar's niks waarnatoe jy kan bou daar nie. En jy kan geen hoop in niks plaas nie.

"Wat van die kerk?"

92 Wel, jy kan niks doen met die kerk nie, dis so formeel en gedaan, daar's niks oor nie. Hulle het klaar hulle geboortereg vir 'n kooksel verkoop, en hulle wag net vir oordeel. Die Heilige Gees het hierdie volk deurkruis, Sy tekens en wonders getoon, en hulle weier aanhoudend Sy genade. Hy bevestig Homself, en bewys, deur Sy groot bevestiging, dat Hy die Woord van God gemanifesteer is in hierdie dag. En hulle wys Dit steeds van die hand. Sien? Daar's nou niks oor nie. Jy kan dit nie altyd met God doen nie. Sien?

93 Goed, ons vind uit, die eerste, stuur Hy Sy profete met waarskuwing. Hy verander nie Sy manier, Sy metode om dinge te doen nie.

94 Hy slaan nie altyd wanneer Hy waarsku nie. Ek wil hê julle moet hierdie aanhaling dophou. God gee 'n waarskuwing, maar Hy slaan nie altyd op die tyd wat Hy waarsku nie. Het julle dit opgelet? En dan wanneer Hy nie slaan wanneer Hy 'n waarskuwing stuur nie, dan word die profeet bespot: "Jy het Dit nie gehad nie. Jy het 'n leuen vertel. Jy—jy was nie reg nie."

95 Daardie selfde ding is miskien vir—vir Jesaja gesê. Wat dink julle het daardie man gedink toe hy soontoe gegaan het en geprofeteer het dat die koning "sou sterf," toe weer afkom en gesê: "Nee, hy gaan lewe"?

96 Wat van Jona wat deur die strate gaan, sê: "O, hierdie stad gaan vernietig word binne soveel dae, veertig dae," en toe het God dit nie gedoen nie?

97 Sien, jy moet dophou, God slaan nie altyd wanneer Hy waarsku nie. Maar Hy . . . Daar's een ding, dan word die profeet bespot. Maar as hy 'n bevestigde profeet met die Woord van die

Here is, sien, tekens van God, bevestig, soos God gesê het die profeet sou bevestig word (wat hierdie manne was), sien, is sy Woord nie syne nie, maar dis God s'n, en dit sal gebeur. Dit moet gebeur as Dit God se Woord is. Daar's net een ding wat dit kan stop, dis 'n vinnige bekering.

98 Let op, Amos, hy—hy het gelewe om sy profesie te sien, maar toe Amos gepraat het van daardie stad, hoe dit sou gebeur, hoedat God die Siriërs sou laat inkom en hulle oorneem, ensovoorts soos daardie, en hoedat hulle eie verdorwenheid hulle sou opeet. Wel, ek glo as dit net nou is . . . Ek kyk hier af op die Skrif, en as ek dit reg gereken het, is dit omtrent vyftig jaar nadat Amos geprofeteer het. En, nou, wat dink julle? 'n Hele geslag het verbygegaan voor Amos se profesie vervul is. Maar as jy hier oorkant sou lees, sal dit jou sê, en dit het gebeur net presies woord vir woord wat hy gesê het. Sien?

99 Johannes het die Boek van Openbaring gesien. Dit het nooit gebeur in sy dag nie. Maar ons sien dat dit vervul word net presies. Sien?

100 Daniël het geprofeteer van die dag, van sy dag en die heelpad deur. Hy het nooit gelewe om dit te sien nie. Hy het gesê: "Gaan jou weg, Daniël. Sluit die boek—die boek, en—en maak die boek toe. En jy sal slaap in jou lot, maar op daardie dag sal jy staan." Sien?

101 Nou, jy sien, die . . . jy nie altyd . . . God . . . slaan so gou as wat hy profeteer nie. Amos se profesie, soos ek gesê het, was vyftig jaar later, het dit gebeur. Maar dit het gebeur!

102 En dan is die profeet 'n—is 'n . . . van die Bybel . . . 'n Ware, egte profeet is 'n spesiale persoon. Nie "'n spesiale," enigsins anders as enigiemand anders wees nie, maar hy het 'n spesiale werk. Sien? En, deur 'n spesiale opdrag te hê, moet hy spesiaal wees ('n bietjie anders as die ander) om dit te kan doen.

Dit is net soos God Sy *profete* vergelyk het met "'n arend."

103 Nou, 'n arend is 'n spesiale voël. Hy's net 'n voël, maar hy is 'n spesiale voël. En hy kan hoër vlieg as ander voëls. Hy kan verder sien as ander voëls. En, nou, om hoër te kan gaan, moet hy gebou wees om hoër te kan gaan. En wat sal dit hom help om daarbo te gaan as hy nie kon sien wat hy gedoen het nadat hy daarbo gekom het nie? Sien? So hy moet 'n spesiale geboude voël wees. Sien? Hy's soort van in die—in die valkfamilie, hy's "'n skeurder met die bek." En hy eet die . . . baie van hulle is aasvreters. Daar's omtrent veertig verskillende soorte arende.

104 Maar, julle sien, in die kerk is daar die pastoor, en daardie pastoor is 'n spesiale persoon. Hy's gebou dat hy—hy die verskille van die mense kan hanteer. Hy—hy—hy is 'n lasdraer, hy's die os van die span. Hy—hy is 'n man wat kan gaan sit wanneer die . . . iemand iets teen iemand anders het, en gaan sit met daardie twee families (en nie een kant kies nie) en dit uitredeneer en dit reg

terugbring na minsaamheid. Sien? Hy—hy is 'n pastoor, hy weet hoe om dinge te hanteer.

105 Die evangelis is 'n spesiale man. Hy's 'n man wat brand soos 'n vuurbal. Hy hardloop in 'n stad in en preek sy boodskap, gaan dan daar uit na elders. Sien, hy's 'n spesiale man.

106 Die leraar is 'n spesiale man. Hy sit agter onder die salwing van die Gees en is in staat om die Woorde te neem en hulle bymekaar te sit deur die Heilige Gees, dat, die pastoor of evangelis nie een van die twee kan met hom vergelyk nie.

107 En dan, vind ons uit, die apostel is 'n spesiale man. Hy's 'n—hy's 'n "in-orde-steller." Hy's 'n man wat gestuur is van God om dinge in orde te stel.

108 Die profeet is 'n spesiale man. 'n Profeet is 'n man na wie die Woord van die Here kom, want die profeet is so ontwerp (lewe) dat sy onderbewuste en sy eerste bewuste so na aan mekaar is, dat hy nie aan die slaap raak om sy droom te droom nie, hy sien dit wanneer hy wawyd wakker is. Sien? Nou, dis iets wat God moet doen. Sien, hy sien wat gaan.

109 'n Profeet sien dinge ver vooruit, sien, die dinge wat kom. Hy sien die beker van God se oordeel, vol, voordat dit vol is. Sien? Hy kan sê: "SO SPREEK DIE HERE! God sal hierdie stad verwoes as julle nie bekeer nie." Waarom? Hy's 'n arend. Hy ry ver oorkant in. Sien? En hy kyk daar ver en hy sien daardie beker van toorn uitgegiet. Dis waarna profete kyk. Hy kyk nie na wat hier aangaan nie, hy kyk oorkant! Hy sê: "Dit kom!" Hy kan so hoog gaan, totdat hy daardie skaduwee kan sien. Hy het gesê: "Die wêreld sal donker—donkerte en duisternis wees." Hy's hoog genoeg op, die son skyn nou, maar hy sien daardie skaduwee kom, en hy—hy—hy sê waarna hy kyk. Dis nog nie hier nie, maar dit sal sekerlik hier wees! Dis reg. Dit gaan hier wees, duisternis oor die mense. Hy weet dit kom, jare weg, tog sien hy dit.

110 Amos, daardie gesalfde profeet van God, hy het die—die duisternis en die oordeel gesien. Hy het Sirië sien afkom met hulle strydwaens en daar deurtrek, daardie mense uitroei. Hy het dit sien kom en die oordeel van God oor hulle, nou, vyftig jaar voordat dit gebeur het. Maar, julle sien, as 'n profeet, was hy opgelig in die Gees, en het hy dit veraf gesien. Sien? Hy het die beker gesien, vol, voordat dit gevul was.

111 Soos Abraham. God het vir Abraham gesê: "Jou saad sal in hierdie land inkom en hier vertoef vir vierhonderd jaar, en dan sal Ek hulle uitbring met 'n magtige hand, want die ongeregtigheid van die Amoriete is nog nie vol nie." Sien? God het geweet die beker sal vol word. Hy het gepraat met Sy profeet, Hy het vir hom nou gesê: "Jy sien daardie beker van die Amoriete daaronder," sien: "maar hulle ongeregtigheid is nog nie vol nie, Abraham. Moet nou niks daarvan sê nie, hou terug, maar dit sal kom. En wanneer hulle beker vol is, en daardie vierhonderd jaar,

sal Ek hulle uitdryf soos sprinkane voor jou, en Ek sal jou saad hier in hierdie land vestig." Amen! Dis die profeet van die Here.

112 Nou, wanneer hy praat van sy visioen, of dit toorn of of dit genesing is, dit mag talm, maar dit moet gebeur as hy dit spreek in die Naam van die Here. Sien? Dit mag 'n seëning wees wat hy oor jou uitspreek. Hy mag jou 'n sekere ding sê, en jy kan dit glad nie sien nie. Jy sê: "Hoe kan dit wees? Wel, dis 'n . . . Ek—ek—ek . . . Hy het vir my gesê: 'SO SPREEK DIE HERE: "*Dit* gaan gebeur, en *dat* gaan gebeur,'" en dit het nie gebeur nie. Die man is verkeerd!" Nou jy sal geoordeel word deur Dit nie te glo nie, maar dit gaan in elk geval gebeur! Sien? Dit moet gebeur!

113 "Hoewel dit talm," het die Bybel gesê: "tog sal dit in sy seisoen spreek." Dit sal gebeur.

114 Die profeet kyk net vooruit en sien iets. Hy praat van waarna hy kyk. Hy dink nie aan hier en hoe jy nou lyk nie, hy kyk na wat gaan wees. En wanneer hy dit spreek, as dit in die Woord van die Here is, is dit alreeds gespreek, en daar's niks in die wêreld wat dit kan stop nie (jy sien, dis reg,) net God Self.

115 Let op, nou vind ons dat wanneer . . . Hy—hy spreek sy visioen, die profeet doen dit. Nou, partymaal spreek hy goeie dinge, hy spreek van jou genesing. Goed, jy mag dink: "Dit kan net nie gebeur nie, ek het nie enigsins beter geword nie." Dan wat doen dit? Dit bring net die oordele van God oor jou. Dis reg. Sien? Jesus het belowe om jou te red as jy Dit sou glo; as jy Dit nie glo nie, sal dit—sal dit nie met jou gebeur nie. Jy moet Dit aanvaar, jy moet, Dit glo. Sien? En jy moet weet waarvandaan Dit kom, dit gee jou geloof in God; of, jou profeet. Sien? Jy moet Dit glo.

116 En nou vind ons hier uit, dat hierdie profete wat gespreek het, hulle—hulle het gespreek, en wat hulle gesê het, het gebeur. En as die toorn van God uitgestort word oor die mense, is daar net een ding . . . As daardie profeet gesê het dat iets gaan plaasvind, is daar net een ding wat die hand van God sal keer, dis bekering. Dis bekering teenoor God, dit keer Sy toorn. Nou, moenie wag daarvoor nie, doen dit dan! God enigiets sê, gaan doen jy dit net dan.

117 Hískea, so gou as wat hy geweet het . . . Hy was 'n goeie man, maar God het gesê: "Jou tyd het aangebreek, Hískea, en Ek moet jou neem. Ek—Ek wil, Ek gaan jou opneem. Kry jou hele huis in orde."

118 En hy—hy—hy het gesê: "Dit sal my vyftien jaar neem om dit te doen, Here." Sien? "Nou, dis U . . . Ek—ek—ek gaan, maar dit gaan my vyftien jaar neem om my huis in orde te kry. Ek kan dit nie net nou doen nie. Ek—ek het nie die tyd om dit te doen nie. Ek—ek—ek kan dit net nie klaar kry nie. Here, laat my nog vyftien jaar lewe sodat ek hierdie ding gedoen kan kry. Ek kan nie my huis plaas . . . "

Sien, God se opdrag was: "Kry jou huis in orde!"

119 En Hískea het gesê: "Ek kan dit nie in hierdie jaar doen nie, dit gaan tyd neem. Ek sal *dit* terugvat, en *hierdie* opmaak, en dit oorneem na hierdie kêrel hier, en dit sal my vyftien jaar neem om dit te doen. Spaar my net om dit te doen. Laat ek, laat ek, gee my 'n tydjie om dit te doen." Sien?

120 Toe het God gesê: "Ek sal—Ek sal—Ek sal—Ek sal toegeeflik wees." Maar hy moes in elk geval sterf, julle sien.

121 En dan weer, het hy sy tyd geneem, hy het teruggeval gedurende daardie tyd. Sien? En hy sou—hy sou beter af gewees het as hy gegaan het sonder om dit in orde te kry. Dis reg. Maar Hy het vir hom vyftien jaar langer gegee om sy huis in orde te kry. Want, spoedig, wat het hy gedoen? Hy het gesê: "Here, ek is stadig. Ek het vyftien jaar nodig om dit te doen. U het my beveel om my huis in orde te kry. Ek kan dit nie doen vir vyftien jaar nie, omdat ek 'n lening hier het, en ek het *hierdie* hier oorkant, en ek het *hierdie* hier oorkant om te doen."

122 Nou, hy was 'n goddelike man, en God se Woord moet in elk geval plaasvind. Dit gaan in elk geval gebeur, maar Hy het Dit net gekeer vir 'n tydjie, sien, dit vir hom vertraag. Toe het hy 'n sonde gepleeg gedurende daardie tyd. Hy het gesê: "Ek sal dit nie oor hom laat kom nie, maar Ek sal dit oor sy kinders na hom besoek." Julle ken die storie.

123 Nou, ons vind uit dat 'n vinnige bekering partymaal die toorn vir 'n tydjie weghou.

124 Nou, ons vind uit dat Ninevé . . . God het gesê: "Gaan daarnatoe en roep uit tot daardie stad nou, en sê vir hulle: 'As . . . binne veertig dae gaan die ding val.'" En, goeiste, het hulle ooit bekeer! So gou as wat hulle daardie profeet deur die straat sien kom het, sê: "SO SPREEK DIE HERE: 'Die plek sal binne veertig dae val! Die plek sal val!'" Die . . .

125 Selfs die koning het 'n—'n—'n vas uitgeroep deur die land, weeklaag: "Trek sakke aan, sit as! Nie op jou eie kop en op jou liggaam en op jou vlees nie, maar op jou beeste, op julle diere van die veld, sit sak en as." Wat 'n bekering!

126 Nou, toe ons daar uitvind, ons let op, as die profeet nie baie vinnig dophou nie, sien, sy kop bymekaar kry en na God gaan nie, sal jy net iets daar uitvind, as jy nie dophou . . .

127 Nou kyk na Jesaja, hy het net sy profesie gespreek, teruggegaan in sy wildernishutjie in. En, toe hy het, het die Here nooit teruggepraat met die koning wat gebid het nie. Hy het 'n manier om dinge te doen. Daar was 'n profeet in die land. Die Woord van die Here kom na Sy profeet. Hy het daar uitgegaan en gesê: "Jesaja, gaan terug en sê vir hom Ek het sy gebed gehoor. Ek het verstaan dat dit . . . dat hy dink dit gaan hom vyftien jaar neem om dit te doen. Ek het sy trane gesien omdat hy so graag die werk wou doen. Dit gaan hom vyftien jaar neem, het hy gesê,

om dit te doen. Gaan sê vir hom dat Ek dit dan vir hom sal gee." Sien?

128 Waarom? Hy het opdrag gegee—Hy het Jesaja opdrag gegee om vir hom te gaan sê: "SO SPREEK DIE HERE!" Dan as daar enige verandering daaraan is, of vertraging. . . Dit gaan in elk geval gebeur; hy—hy het in elk geval gesterf. Maar gesê. . . As daar enigiets daaraan is, dan is Hy verplig om terug te kom na die man wat hy met SO SPREEK DIE HERE gestuur het. Hy het vir Jesaja gesê: "Gaan terug daarheen en sê hom."

129 Nou, Jona het 'n ander gesindheid geneem, gaan bo-op die heuwel en het gesê: "Wel, dit sal goed wees as ek nooit gebore is nie." En, o, hoe hy aangegaan het! En God het 'n klein boompie laat opkom en vir hom bietjie skaduwee laat maak totdat hy afgekoel het daarbo. Maar hy het gesê: "Nou, hier, ek het afgegaan soontoe, en hulle gaan sê ek is 'n valse profeet."

130 En God het met hom gepraat, gesê: "Kyk na daardie stad daaronder! Kyk daarna, Jona, daardie hele stad bekeer met sak en as."

131 En toe het Hy vir hom vertel van die boompie en die wurm wat dit afgevreet het. Eendag, as die Here wil, wil ek na die Tabernakel kom en 'n reeks net oor Jona neem. O, daar's soveel groot. . . daardie oostewind wat waai, en alles. O, goeiste! Daar's soveel dinge daarin, dit net. . . dis opwindend. Daardie goudklonte daarin, dit tipeer net reg in, pas. Dit bring selfs Jesus Christus daarin, en alles anders. Want, elke reel in die Bybel bring Jesus Christus. Ja, meneer. Dis ons Sondag se les, so ons sal dit vind, die Here wil.

132 En let op, daar's dinge wat jy. . . As jy opreg is en God sê. . . Nou, jy moet dophou.

133 Nou wil ek vir julle nog 'n Jona in die platform vanaand wys.

134 Een aand was daar mense wat hiernatoe gekom het. Die dame mag (party van hulle mense) hier wees vanaand, so ek sal nie die naam noem nie, julle sal waarskynlik weet wie dit is. Maar hulle kom hiernatoe, goeie klomp mense van onder in Kentucky, en hulle—hulle kom hiernatoe vir jare. Maar die mense, wat goeie mense is, goeie vriende van my. Goeiste, hulle was—hulle was ware vriende van my, maar hulle. . . Net een van daardie soort mense wat wanneer 'n herlewing aan was, sou hulle kerk toe kom; wanneer die herlewing verby was, en die vrag getrek het, sou niemand trek nie. En al die kinders was hier op die wieglys, hulle het gehad die. . . toe ons ons klasse en dinge gehad het.

135 En eendag het ek huis toe gekom, omtrent vier jaar gelede, of vyf, so-iets. En hierdie jongmeisie, (wat omtrent agt jaar oud was toe sy op die wieglys was), sy is getroud en het twee kinders gehad. En sy het buite in die hospitaal hierbuite gelê, op die rant van die dood. Sy was omtrent vier maande, vyf, met 'n baba. En die baba het gesterf, en hulle kon nie opereer nie omdat sy 'n

uremies gehad het. En hulle kon nie opereer nie, so hulle moes die moeder ook laat sterf. Kon nie opereer nie, en, sien, die baba sou haar so doodmaak, so hulle het gehad . . . sy was net sterwend, dis al, was geen kans vir haar nie.

136 Ek het uitgegaan om haar te sien, sy het gestuur vir my. En ek het in die hospitaal ingegaan, en daar was sy onder die suurstoftent. Ek het die flappie opgetel, 'n bietjie met haar gepraat, en ek het gesê: "Onthou jy my?"

Sy het gesê: "Sekerlik, Broer Bill, ek onthou jou."

137 Ek het gesê: "Hoe is dit die . . . Verstaan jy hoe siek jy is?"

Sy het gesê: "Ek verstaan." Gesê: "Dis waarom ek vir jou gestuur het."

Ek het gesê: "Wel, tog, hoe is dit met jou en die Here?"

Sy het gesê: "Broer Bill, ek—ek het . . . Ek—ek is nie gereed om te gaan nie."

138 Wel, daar het ons afgegaan en gebid, en haar ma en haar man, baie van hulle in die kamer, en haar ma en haar man het begin huil. En—en toe het ek—ek haar gevra, en sy het reggemaak met God (haar geloftes afgelê en teruggekom en vir God die belofte gemaak; en as sy vergewe sou word; hoe lief sy Hom gehad het; en jammer vir haar sonde, hoe sy gelewe het), en voortgegaan met haar belydenis en gehuil. En naderhand het ek opgestaan en uit die gebou uitgegaan.

139 En die—die volgende oggend het hulle my gebel, om weer daarnatoe te kom. En, uitgevind, hulle het ingekom daardie oggend vir 'n toets en om te sien hoe die—die uremiese toestand gevorder het, en uitgevind sy het niks daarvan gehad nie. Dit was alles weg, elke deeltjie van die uremiese gif het haar verlaat. Die dokters was so opgewonde dat hulle gesê het: "Goeiste! Wel, hierdie, ons behoort . . . Dis iets baie vreemds." Gesê: "Ons sal—ons sal haar gereedmaak, en" gesê: "as dit steeds so is in die oggend . . . " Gesê: "Ons sal haar aanhou pennisilien gee," of wat ook al hulle vir haar gegee het, die infeksies laag hou. Gesê: "Wel, ons sal opereer en—en die dooie baba uithaal voordat dit iets anders begin." Gesê: "As sy reg is, dan . . . "

140 Wel, twee of drie keer daardie dag, het hulle haar weer getoets. En daardie aand, laat, het hulle haar getoets, niks verkeerd nie, was heeltemal reg. En hulle het haar voorberei. Haar uitgehaal onder die suurstoftent. Alles was reg. Hulle sou die volgende oggend op haar opereer, die baba uithaal.

141 Wel, ek het soontoe gegaan. En omdat dit gedoen was . . . Nou, ek het dit nooit geweet nie, ek het nooit geweet nie. Die Here het my nooit niks daarvan vertel nie. Julle kan die mense vra, as julle wil. So hulle . . . sy . . . Hy het nooit gesê dit sou nie. Nou, o, goeiste, om so 'n—'n ding te sien! Haar man, wat 'n sondaar was,

het gekom en gesê: "Broer Branham, ek—ek wil my lewe aan die Here Jesus gee."

142 En ek het gesê: "Goed, kniel net hier en neem jou vrou se hand, en dan wandel julle hierdie reguit lewe saam."

143 Die ma het teruggekom, sy het gesê: "Broer Branham, jy weet, hier's ek en my kinders," gesê: "ons was in en uit, en in en uit, en om die Tabernakel, en dinge. Ons het gesit en geluister na jou wat preek, en ons sou opgaan na die altaar en terugkom." Gesê: "Ek is teruggevalle, ook, Broer Branham." Sy het gesê: "Ek wil terugkom na die Here Jesus, vir Sy goedheid teenoor my kind." Wel, julle sien, dit—dis baie goed, maar jy kom nie na die Here Jesus daaroor nie.

144 Omtrent naby middernag, twaalf, eenuur, het haar ma aan die slaap geraak. En sy het gesê, haar geroep, gesê: "Ma."

En sy het gesê: "Ja, skat, wat wil jy hê?"

Sy het gesê: "Jy weet, ek is so gelukkig!"

Sy het gesê: "Ek is so bly dat jy gelukkig is."

Gesê: "Ek het vrede met God." En gesê: "O, hoe goed is dit!"

Binne 'n paar minute, het sy weer geroep, sy het gesê: "Ma."

Gesê: "Ja?"

Gesê: "Ek gaan huis toe."

145 En sy het gesê: "Ek weet jy gaan." Sy het gesê: "Ja, skat," gesê: "die dokter sal die baba môre uithaal. En dan omtrent 'n dag of twee, wanneer jou snye genees en jy wegkom van hier af, gaan jy huis toe en sal weer gelukkig wees, jy en jou man en die kindertjies, en 'n Christen wees en vir God lewe."

Sy het gesê: "Ma, ek bedoel ek gaan na my Hemelse Huis."

Sy het gesê: "Sekerlik, skat, aan die einde van die pad."

Sy het gesê: "Hierdie is die einde van die pad."

"O," het sy gesê: "nou, wat is fout?"

146 Gesê: "Die einde van die pad." So gesê: "Ja, ma, binne 'n paar minute sal ek weg wees."

147 Wel, sy het gedink sy het net senuweeagtig en ylend geraak. Sy het die verpleegster geroep, die verpleegster het haar asemhaling geneem. Alles was normaal. En binne vyf minute was sy weg, sy was dood.

148 En toe, toe ek huis toe gekom het, binne 'n week of twee daarna . . . Ek dink Broer Graham het die meisie se begrafnis gepreek. Toe ek huis toe gekom het en vir Meda gesê het dat daardie meisie daardie nag gesterf het, goeiste, ek kon nie . . .

Ek—ek het die ma gaan sien. "Ja."

149 En ek—ek—ek weet nie wat my dit laat doen het nie, maar ek het gesê: "Here God, U—U skuld my 'n verklaring, sien, nadat

ek daar uitgegaan het, en—en daardie man gesê het, en hy wat na die Here gekom het nadat U hierdie dinge vir hom gedoen het, en al daardie dinge, en dan daardie meisie se lewe soos dit neem." Ek het gesê: "U skuld my 'n verklaring."

150 Wanneer jy vir God so-iets sê, sal Hy jou alleen laat sit. Ek nie . . . Hy skuld my niks. Ek skuld Hom. Wel, Hy het my net laat uitsweet vir 'n paar dae, julle weet. En, na omtrent drie of vier maande, was ek eendag buite op die spruitoewer en het die Here met my gepraat in 'n visioen, en gesê: "Nou gaan na haar ma, en sê dit vir haar ma: 'Het haar tyd nie aangebreek die jaar vantevore nie, toe sy aan die verdrink was in 'n spruit by 'n piekniek nie? Sy moes op daardie tyd gegaan het, maar Ek moes haar neem toe sy gereed was om te gaan.' En dis waarom dit alles gebeur het, en waarom jy soontoe moes gaan."

151 Toe het ek gekniel en gehuil. Ek het gesê: "Here Jesus, vergewe my, U arme dom dienaar. Ek moes dit nooit gesê het nie, Here."

152 En ek het teruggegaan na die dame, sy het hier oorkant gebly in Markstraat, en ek het na haar toe gegaan, en ek het gesê: "Ek wil vir jou 'n vraag vra."

Sy het gesê: "Sekerlik, Broer Bill."

En ek het gesê: "Is dit waar dat hierdie meisie amper verdrink het?"

153 Sy het gesê: "Dis reg, Broer Branham." Gesê: "Haar man en hulle—hulle moes haar uit die spruit kry." En gesê: "Hulle moes kunsmatige asemhaling toepas op . . . druk, en hulle moes 'n masjien kry en die water uit haar pomp." Gesê: "Sy het haar romp aangehad. Hulle het piekniek gehou. Sy was daarbuite en het in sand getrap, afgegly oor haar kop en in die water verstrengel. Hulle het haar nie opgelet nie. En dadelik het hulle haar sien opkom en afgaan, en hulle het ingehardloop en haar gekry en haar uitgebring." En gesê: "Sy het amper gesterf." Gesê: "Sy . . . "

Ek het gesê: "Dit was haar tyd om te gaan."

154 Sien, God weet wat Hy doen. Nou, die Here sou dit waarskynlik vir my vertel het as ek nie die gesindheid ingeneem het wat ek het nie: "Here, U skuld my, om vir my te sê daarvan." Hy skuld jou niks!

155 Ek het een aand in 'n diens gestaan en 'n evangelis hoor bid vir 'n siek persoon, gesê: "God, ek beveel U om hierdie persoon te genees!" Wie beveel God? Sien? Dit—dit—dit is nie—dit is nie eens intelligent nie, sien, want dat—dat God, Hy—Hy maak wat Hy wil.

156 Kan die—kan die klei vir die pottebakker sê: "Waarom het jy my so gemaak?" Sien? Sekerlik nie! Maar as die profeet sal stilbly en dan die Here soek vir die antwoord, is die antwoord daar. Sien?

157 Net soos oor hierdie persoon wat gevra het oor die—die—die saad van die slang vraag, julle sien. Hou net—net dop, en moenie—moenie—moenie in 'n groot haas wees nie. En dan, nou, God laat altyd alles saamwerk ten goede vir hulle wat Here liefhet.

158 Nou, as—as Ninevé nie sou bekeer het nie, dan sou die oordele van God oor hulle gekom het. Nou onthou, die profeet moet luister. Dit was 'n waarskuwing.

159 Nou, dieselfde ding aan hierdie volk. Dan sê julle: "Broer Branham, verlede Sondag het jy gesê: 'Daar was nie 'n hoop nie'?" Ja! "Waarom?" Dit het sy oproep van die hand gewys. Dit moet Dit ontvang. Dit gaan dit ontvang. Daar kom 'n tyd wanneer hierdie volk ten gronde sal gaan. Ek het dit gesien in 1933. Sien, ek het vooruit gesien.

Julle sê, julle mag gesê het: "Wel, dit het nie toe gebeur nie."

160 Maar dit gaan gebeur! Ook was Mussolini nie in beheer nie, ook was die Maginot Linie nie gebou nie, ook het die motor nie soos 'n eier gelyk in daardie dae nie, en die dinge, ook het die vroue nie 'n President verkies wat sou lyk soos 'n—'n kollege kêrel, en al hierdie dinge nie, ook sou daar nie 'n Katolieke President wees, ensovoorts, waarvan gepraat is nie. Omtrent dertig jaar gelede, of langer, is hierdie dinge voorspel, maar Hy het my net veraf na die einde gewys.

161 En soos daardie ding naderkom, keer op keer, raak die beker vol! En bekering is gepreek deur Billy Graham, Oral Roberts, en wie nog. En profete, ensovoorts, het die volk deurkruis met tekens en wonders, en sy baai die heeltyd in sonde. Dis waarom hulle nie bekeer nie, bekering bring dit.

162 Let op, Agab het nooit bekeer met die teregwysing van Elía nie. As Agab sou bekeer het en sag voor God gewandel het, sou die ding nooit gebeur het nie. Maar Agab het soontoe gekom en Nabot se wingerd geneem en hom laat vermoor, en al hierdie bose dinge gedoen. En Isébel. . .Daardie profeet het daar uitgestap met SO SPREEK DIE HERE! Maar wat het hulle gedoen? Sy het net gedreig om hom dood te maak. Wat het gebeur? Sy profesie is vervul, die honde het haar geëet en Agab se bloed opgelek. Net presies volgens sy woord! Hy het die beker vol gesien.

163 Dis waarom daardie klein Miga, wat hierdie selfde ding gesê het, hoe kon hy seën wat God vervloek het? Sien, sy—sy woord, sy profesie, was in harmonie met die Woord.

164 Herodus, hy het nooit bekeer toe Johannes gesê het: "Dit is nie wettig vir jou dit te hê, jou broer se vrou nie!" Hy het nooit bekeer nie. Maar wat het hy gedoen? Sy vrou het die kop van die profeet geëis. Kyk na die vuilheid waarin hy ingegaan het. Kyk wat met hom gebeur het. Kyk, selfs vandag, in Switserland, kook die blou waters van Sy verwerping as 'n—'n nagedagtenis. Sien, sekerlik, hy het nie bekeer toe hy bestraf is deur die Here

nie. Johannes het vir hom gesê, maak nie saak wat hy was (die proklamasie-maker, of wat hy ook al was, of die keiser, of wat ook al hy mag gewees het), hy moet bekeer wanneer God roep, of toorn is oor hom!

165 Hoeveel keer in die profete . . . Ek het dit hier neergeskryf, maar ons het nie tyd nie, omdat ek omtrent nog tien minute het.

166 As daar geen bekering is nie, dan kom oordeel beslis! Hískea het bekeer. Sien? Ninevé het bekeer.

167 Agab het nooit bekeer nie. Nebukadnésar het nooit bekeer nie. Die mense in Noag se tyd het nooit bekeer nie, en die oordeel het reguit ingevloei. Sien? Nou, maar Hy waarsku eers almal. Almal kry ’n waarskuwing.

168 Nou, siende dat die tyd op hande is, laat almal wat voel dat daar ’n waarskuwing is, vinnig bekeer, voordat die toorn van God tref.

169 Nou laat ons dit afbring na die Branham Tabernakel. Sien, ons het hierdie dinge gesien en weet dat hulle die Waarheid is. Ons weet dat Dit absoluut die Waarheid is. Die opdrag van die Woord is: “As jy sal bekeer en gedoop word in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van jou sonde, sal jy die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is vir julle kinders en hulle wat daar ver is.” Sien?

170 Nou, ’n man, Mnr. Dauch, het my gevra hier nie lank gelede nie, hy het gesê: “Broer Branham, ek word oud. Ek word baie swak, een-en-negentig.” Hy het gesê: “Dink jy—dink jy ek is—ek is gereed om te sterf? Dink jy ek is gereed om te gaan? Dink jy ek is gered?”

171 Ek het gesê: “Mnr. Dauch, het jy ooit na ’n—’n dokter gegaan vir ’n fisiese ondersoek?”

Hy het gesê: “Ja.”

172 “En jy sê vir hom . . . Nou, wat die dokter doen, hy het ’n boek wat daar lê, en hy neem hierdie boek en hy vind uit. ‘Nou, die eerste ding wat ek behoort te doen met daardie man, gaan sy hart na.’ So hy kry ’n stetoskoop en sit hulle in sy oor, gaan sy hart na.” En ek het gesê: “Dan, die volgende ding wat hy kry, hy vind sy bloeddruk uit, met ’n—met ’n druk aan sy arm. Dan die volgende ding wat hy doen, hy neem ’n urine monster, en wat nog, en ’n bietjie bloed uit hom uit, en al hierdie verskillende dinge. Hy gaan deur dit alles, en as hy niks kan vind nie . . . Neem ’n x-straal. En as hy niks kan vind nie, sou hy sê: ‘Mnr. Dauch, jy is—jy is fisies in orde.’

173 “Waarop baseer hy dit? Op die toestande uit sy mediese boek, dat as daar enigiets verkeerd is volgens die hoofwetenskaplike, sou dit hier wys, dit sou *dit* hier doen, dit sal *daardie* daar doen. Daarom, sover hy enigiets daarvan kan weet, is jy in orde, sien, fisies.

174 "Nou," het ek gesê: "in hierdie geval, gee ek—ek dit 'n sielsondersoek. Sien? En God, vir die siel, het net een Instrument, dis reg, dis Sy Woord. Dis Sy Woord." En Jesus het gesê, in Johannes 5:24: 'Hy wat My Woord hoor.' Nou, daardie *hoor* beteken nie net om te luister na 'n geraas nie. Daardie *hoor* beteken 'om Dit te ontvang.' 'Wie My Woord kan ontvang,' amen: 'hy wat Dit hoor!' (Nie stilstaan, Dit onsin noem: 'Daardie dinge, daar's niks Daaraan nie. Ek glo Dit nie.') 'Hy wat My Woord hoor!' Dis die Woord van Jesus, wat, Hy is die Woord. Daar het jy dit. 'As julle My Woord kan hoor,' het Hy gesê: 'en aan Hom glo wat My gestuur het, hy het oorgegaan uit die dood na die Lewe; en sal selfs nie eens in die Oordeel beland nie, maar het alreeds oorgegaan daaruit.' Amen!" Ek het gesê: "Hoe klop jou hart nou?"

Hy het gesê: "Ek glo Dit. Ek het Dit gehoor. Ek het Dit ontvang."

175 Ek het gesê: "Dan volgens die Hoof Spesialis, die Hoof Operateur, die Hoof Dokter van Ewige Lewe sê: 'Jy het oorgegaan uit die dood na die Lewe en sal nooit in die oordeel kom nie.'"

176 Gesê: "Toe ek jou hoor preek het oor die Naam van Jesus Christus oor waterdoop, het ek reguit ingestap agter jou en jy het my gedoop." Gesê: "Ek. . . Die man wat ek eers was, ek is nie meer daardie man nie. Iets het met my gebeur. Ek het nooit Daarvoor omgegee nie en het die ander pad omgegaan, maar ek het omgedraai en begin teruggaan hierdie kant toe. En my hart brand dag en nag om nader aan Hom te kom. Elke Woord Daarvan glo ek! Ek sê: 'Amen!' op elke deeltjie Daarvan. Ek gee nie om hoe Dit my sny nie, ek wil graag reg oplyn Daarmee. En ek het sover ek weet."

177 Ek het gesê: "Lyk vir my asof jou hart baie goed klop. Ek—ek glo jy is nou geestelik in staat."

178 Hy het gesê: "Wonder of daar sal wees wanneer die Wegraping kom, kan ek daarin gaan, Broer Branham?"

Ek het gesê: "Dis nie vir my om te sê wie ingaan of wie nie."

179 Hy het gesê: "Wel, ek sou graag wou lewe, ek wil—ek wil die Wegraping so graag sien."

180 Ek het gesê: "Goed, laat my kyk wat die—die Wetenskaplike Boek hier sê, daaroor, en die sielwetenskap hier." Ek het gesê: "Wel, Dit sê dit, in Twee Tessalonicense, die 5de hoofstuk, sê Dit: 'Ons wat lewendig is en vertoef tot die Koms van die Here, sal nie diegene wat rus, slaap, verhinder (dit beteken 'hinder') nie. Want die basuin van God sal weerklink, en hulle wat ontslaap het of rus, sal eerste wakker word, onsterflikheid aanneem. Dan ons wat lewendig is op daardie dag, op daardie tyd nadat hulle klaar opgestaan het, sien, dan sal ons verander word in 'n oomblik, 'n oogwink, en hulle ontmoet; en dan opgaan om die Here in die lug

te ontmoet, saam met hulle opgeraap word.' Of jy slaap, of jy nie, of jy en of jy nie; of jy begrawe is, of jy glad nie eens begrawe is nie, jy kom in elk geval! Daar's niks wat jou kan vashou nie! Jy sal daar wees!" Ek het gesê: "Broer Dauch, as Jesus nie kom voor my agter-agter-agter-kleinkinders se kleinkinders nie, sal jy steeds daar wees, reg op die oomblik, net presies, en sal daar wees voor hulle selfs verander word, as hulle gaan." Dis reg. Amen!

181 Daar kom 'n seëning net dieselfde as wat daar toorn kom. O, ons moet soek na een daarvan vanaand. Jy moet of soek na toorn om op jou te val vir vernietiging, of jy moet soek na die opstanding van die Here Jesus. Dieselfde God wat een below- . . . Ek is so bly!

Ek sien uit na die koms van daardie blye Millennium dag,
Wanneer ons liewe Heer sal kom en Sy wagtende Bruid sal wegraap;
O! my hart verlang en smag na daardie dag van soete ontvlugting,
Wanneer ons Jesus weer terug na die aarde sal kom.

Dan sal sonde en droefheid, pyn en dood vervaag,
In daardie heerlike heerskappy van Jesus van 'n duisend jaar van vrede; (O, goeiste! "En sal vir ewig by die Here wees." Sien?)

182 Wat God gesê het, dit moet gebeur. "Hulle sal huise bou, hulle sal in hulle woon. Hulle sal wingerde plant, en hulle die vrugte van hulle eet. Hulle sal nie plant en 'n ander dit erf nie. Hulle sal hulle eie wingerde plant en daarby bly." Amen! Amen! "Hulle sal nie seermaak of vernietig in My hele heilige Berg nie." Halleluja!

183 Wanneer hierdie sterflike onsterflikheid aanneem, hierdie—hierdie dood ingesluk word in oorwinning, dan sal ons Hom sien soos Hy is en 'n liggaam soos Sy Eie verheerlikte Liggaam hê. O, wat 'n tyd wat sal kom!

184 Dieselfde God en dieselfde profete wat die Woord van God voorspel het, of die toorn wat uitgegiet sal word, het vertel, ook vertel van hierdie toekomstige seëninge. Ek is so bly! God gee nooit 'n—'n volk 'n—'n vernietiging sonder om dit te waarsku nie. Hy gee nooit 'n man 'n vernietiging sonder om dit te waarsku nie. En nou as Hy dit doen, het ons iets wat met ons gebeur het, die bevestiging van die tekens van die laaste dag met ons, die groot Heilige Gees wat onder ons beweeg, en die kerk laai met Sy Teenwoordigheid, Sy Woord bevestig. Dan is die Kerk gereed vir 'n klim in die lug in een van hierdie dae, deur die krag van God. Want dis 'n waarskuwing om elke las af te lê en die sonde wat ons

so maklik omring, dat ons hierdie wedloop met geduld mag vlieg wat voor ons is, na die Skepper en Voleinder van ons Geloof.

185 God seën julle, kerk! Hou vas aan God se onveranderlike hand! Ja, meneer. As jy Sy Teenwoordigheid voel, gaan na Hom toe. As daar enigiets verkeerd is in jou hart, maak dit reg. Ons het nie meer baie tyd oor nie, die Koms van die Here is op hande. Glo julle Hom? O, goeiste! Sal dit wonderlik daar wees nie? Wat 'n tyd, wanneer ek die ou veterane daar oorkant sien afstap deur daardie Paradys! O, goeiste! Ek soek na daardie uur.

186 Ek onthou toe my broer gesê het, toe hy van oorsee gekom het, van die ou oorlogsvelde en dinge, gesê het: "Daardie ou veterane, toe hulle daardie Vryheidstandbeeld gesien het, en daardie kreupeles daarnatoe gerol het sodat hulle die Vryheidstandbeeld kon sien." Jy sien dit eerste, op 'n skip, wanneer jy naderkom, want dis so hoog. "En daardie arm daar sien staan," gesê: "het daardie manne net begin huil. En net daardie yslike groot manne wat daar gestaan het, net reguit omgeval op die dek en begin huil." Wat was dit? 'n Teken van vryheid. Alles wat hulle ooit liefgehad het, het net agter daardie teken gelê daar.

187 O, maar wat sal dit wees wanneer ek die ou skip van Sion daardie oggend hoor blaas en die baniere sien wuif! Wanneer die stryd verby is en die oorwinning behaal is, halleluja! En ons kom Huis toe, waar dood, sonde en die hel oorwin is; en daar's nie meer sonde nie, nie meer dood nie, nie meer droefheid nie. Ek kan net die fluitjie hoor blaas! O, ons nader die Stad. Ja, meneer. Die branders kom in, die ou skip beweeg in haar plek in. God, help ons om te lewe vir daardie uur!

188 Here Jesus, ons is mense wat ons beste probeer—probeer, met alles wat in ons is, om in die Lig van die evangelie van U groot Evangelie te wandel waarvoor U gesterf het om reg te maak. Ons is so dankbaar om te sien in hierdie bose donker dae waarin ons nou lewe in hierdie uur, dat ons die tekens sien verskyn. O God, aangesien dit die handskrif aan die muur is, dank ons U, Here, dat ons dit kan sien en weet dat verlossing naby is. Ons preek, ons deurkruis die land, ons sien U doen groot tekens, vertoon Uself daagliks, elke jaar. Daar's nie 'n jaar wat verbygaan dat Sy (groot) Bonatuurlike teken nie die aarde tref nie. En ons sien dit, in die wete dat die groot weermag van God voortmarsjeer.

189 O, nie baie in getal nie, maar wat 'n kragtige groep het Ewige Lewe! Gesê: "Hulle sal deur 'n leër hardloop en oor 'n muur spring." Ja, die "leër" van dood sal dit glad nie vashou nie, Sy sal reguit daardeur hardloop. Oor die "muur" spring tussen natuurlike en Bonatuurlike, en in die arms van God ingaan, in daardie groot Ewigheid in. Here God, ons dank U hiervoor. Ons weet die tyd is op hande.

190 Ek bid, God, dat vanaand as daar sommige hier is wat U nie ken nie, wat nooit hulle vrede gemaak het nie . . . En miskien

vanaand, terwyl ons praat, het 'n Stemmetjie onder in hulle hart gespreek: "Ek voel 'n waarskuwing dat ek nie meer baie langer hier gaan wees nie." O God, mag hulle hulle huis in orde kry, net nou. Mag alles gereed wees. Mag die koudheid . . . Miskien is hulle Christene, maar hulle het net nie . . . Hulle het so lank hieronder gelewe en soveel dinge gesien, dat hulle net die waarde Daarvan verloor het. Dis . . . Die dinge, hulle neem dit ligtelik op in plaas van baie diep en opreg.

191 O God, laat ons nagaan vanaand, skenk dit, in die wete dat hierdie groot dinge ons net waarsku van 'n spoedig wegrapende Kerk. En as ons belaai is met sonde, met ongeloof, en met traagheid, sal ons nie daardie Wegraping maak nie. Ons weet dit, Here, so ons bid dat U die Heilige Gees in ons sal inbrand, onder in ons harte. O God, steek ons siele aan die brand met U seëning. Help ons om te verstaan.

192 Nou, seën die mense saam. Seën ons kosbare pastoor en sy vrou. Seën die diakens, die trustees, al die lekedom, saam. Vergewe ons sonde. Genees ons siektes, Here. En steek ons harte aan die brand. En mag ons van hierdie plek af gaan met 'n waarskuwingsboodskap, soos ons die mense in sonde ontmoet, en vir hulle sê: "Vriend, is jy nie skaam dat jy sulke dinge doen, in die wete dat jy God eendag moet ontmoet nie?" Skenk dit, Here. Ek vertrou hulle nou toe aan U; vertrou die Boodskap toe, en almal saam, om saam te werk tot U heerlikheid. In Jesus Christus se Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

193 Het julle Hom nie lief nie? Dink aan wat ons is. Kyk hoe ver is ons in die pad af, vriend. Kyk net hoe ver af in die pad na ver af oorkant, in die dae van Luther en Wesley, verder af deur die eeue. Kyk hier waar ons is: reg hier aan die bopunt van die piramiede, reg hier waar God dit bewys het, dat die Bybel deur die sewe seëls volmaak geopenbaar is; wat nou net wag vir daardie sewe verborgenhede reg ten laaste, op die Koms van die Here en die Wegraping van die Kerk wat voor die môre mag gebeur. O, goeiste!

Ek het Hom lief, (opreg nou) ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

194 Soos ons nou sag . . . Besef julle dat elkeen van ons hierbinne hier moet weggaan, hierdie wêreld moet verlaat? Weet julle dat 'n mens wat gebore is uit 'n vrou net 'n paar dae het en baie moeilikhede het? Het julle geweet dat omdat ons gebore is uit daardie boom van die tuin van Eden, van dood, dat ons moet

sterf? Ons is die vrug van ons ma se skoot, en ons moet sterf, ons moet hierdie lewe skei. Jonk of oud, dit maak geen verskil nie. As die oudste man of vrou hierbinne deur die nag lewe, sal sy langer lewe of sal hy langer lewe as baie tien-, vyftien-jaar-oue kinders? Honderde van hulle sal oor die wêreld sterf, voor die oggend, van kinders. So al wat saak maak, is, wat doen jy nou?

195 Hierdie mag jou laaste geleentheid wees. Jonk of oud, wat jy in staat is om kerk toe te kom. Moenie een ding ongedaan laat nie. Wees diep en opreg. Lê elke sonde en alles af. Kyk reguit in God se gesig en vra die vraag: "Here, behaag ek U? Wat kan ek nog doen, Here Jesus? Ek sal nooit weer die geleentheid hê, nadat hierdie lewe verby is, om U te dien nie. Hierdie is die enigste tyd wat ek het. Here God, laat my net weet wat U wil doen! Of ek *dit* moet aan doen, of ek *dat* moet doen, ek sal dit graag doen."

196 Dink ons—ons dit opreg? Dink die kleintjies dit? Dink die middeljariges dit? Dink die oumense dit? Dink die tiener dit? Ons moet gaan, en hoe weet jy dat ons nie almal weg sal wees voor die oggend nie? Ons weet dit nie. Jy sê: "Dit bekommer my." Dit behoort nie! Eintlik, behoort dit jou baie bly te maak om te weet dat jy hierdie ou peshuis verlaat.

197 Daar's 'n ander wêreld. Jy hoef nie baie ver weg te gaan nie. Dis reg by jou. Dis reg rondom jou. Jy net . . . jy . . . God gee jou net vyf sintuie, dis om soveel soos hierdie te kontak, hierdie wêreld. Maar daar's nog 'n wêreld waarvoor jy geen sintuie het om te kontak nie, jy kan dit nie kontak nie, omdat jy dit nie het nie.

198 Byvoorbeeld, ek het gesê, Sondagaand, (miskien het julle dit nie begryp nie) wat . . . ons het vyf sintuie: sien, proe, voel, ruik, en hoor. Maar wat as jy nie die sig gehad het nie (jy het net proe, voel, ruik, en hoor gehad), en iemand het hulle sig ontvang en gesê: "Daar's nog 'n wêreld, son"? Daardie—daardie gevoel, jy stamp teen dinge, en wat dit is kan jou sê wat dit is. Wel, jy sou dink die persoon is mal, want jy het nie daardie sintuig van—van sig nie. Niemand het dit ooit gehad, waarvan jy weet nie. Jy't gehoor van mense wat sulke dinge gesê het, maar jy het dit betwyfel. Maar ons weet deur hierdie sintuig dat dit eg is. Dis 'n egte plek. Sien? Dit—dit—dit—dit is 'n plek waar die . . . jy kan sien. Jou sintuig verklaar dit.

199 Nou, die enigste ding wat jy doen wanneer jy sterf, jy verander daardie vyf sintuie (Glorie! Sjoe!), jy ontvang net 'n ander sintuig. En jy lewe met 'n hoër sintuig, duisende keer hoër as hierdie, in 'n ander lewe; 'n lewe waar daar geen dood is nie, waar daar geen droefheid is nie. En die dinge waarvan jy nou niks weet nie, jy sien dit duidelik wanneer jy daarnatoe oorgaan. Jy verstaan dit nie nou nie, omdat jy daarteen stamp, jy het nie daardie sintuig nie. Jy sê: "Ek—ek voel 'n snaakse gevoel hier vanaand. Lyk vir my asof daar is 'n . . . Ek wil net huil, skree, of iets." Dis die Engele van die Here. Sien?

200 Soos iemand sê, jy weet, wat nooit die sintuig van sig gehad het nie, sê: "Partymaal voel ek iets egs, soos 'n gevoel van warmte."

Jy sê: "Dis die sonlig."

201 "Wat is die sonlig? Ek het dit nooit gesien nie." "Daar is geen. . . " Sien, hy het dit nooit gesien nie, hy weet nie wat dit is nie. Sien, iemand daar oorkant moet hom sê, iemand wat dit kan sien. O, goeiste! Sien?

202 Ons verander net. Ons verander net, moenie bang wees vir die dood nie. Dood is niks behalwe 'n voëlverskrikker nie. Jesus het dit oorwin. Selfs toe Paulus afgekom het by die einde, het hy gesê: "Dood, waar is jou angel? Waar is jou verskrikking? Graf, waar is jou oorwinning? Jy sê jy het my? Ek—ek wil jou terugwys daar na Jerusalem. Daar is 'n leë graf daar, en 'Ek is Hy wat beide jou, dood en hel, verower het,' en ek is in Hom en jy kan my nie vashou nie! Ek sal weer opstaan." O, goeiste! Hy het gesê: "Daar is 'n kroon weggelê vir my, wat die Here, die regverdige Regter, my sal gee; en nie net vir my nie, maar hulle almal wie *lief* is vir Sy verskyning."

203 Julle het Hom lief. Julle wil Sy Koms sien. Julle wag vir Hom. Dis 'n lang storie, dis 'n—dis 'n lang wag. Dis 'n liefdesverhouding. Maar jy kan net nie wag tot jy Hom sien nie! O, goeiste! Dis hoe dit is. O, dis die tyd waarna ons uitsien, dis die uur! As jou hart nie soos—soos—soos dit is vanaand nie, vriend, wees versigtig. Sien? Wees versigtig. Moenie laat die vyand jou mislei nie. Wanneer die Heilige Gees hierbinne Sy vlug wil maak na Sy Maker, na Sy Meester, is daar 'n liefdesverhouding waarvan niemand kan vertel nie. Dis reg, dis eg. Dis eg.

204 So as daar 'n waarskuwing is, wat sê: "Jy's nie gereed daarvoor nie," onthou dan, God mag jou gereed maak vir iets. Sien? Jy's nie gereed. . .

205 Jy sê: "Wel, as ek gedoop word, die Heilige Gees, dan, wel, miskien sal die Here my neem?" Nee, nie net dit nie, jy maak dan net gereed om te lewe. Jy—jy is nie gereed om te lewe totdat jy die Heilige Gees kry nie, en dan, wanneer jy die Heilige Gees kry, dan is jy net geskik om te lewe. Jy was nie geskik om te lewe, voor dit nie, sien, maar nou is jy net geskik om te lewe, nadat jy die Heilige Gees ontvang het. Sien? Maak jy net gereed. Sien?

206 Mense sê: "Wel, ek moet gereed maak om te sterf." O, goeiste, ek maak gereed om te lewe! Amen. Die ding daaromtrent is, maak gereed om te lewe, lewe in Christus! Oorwinnende lewe oor sonde, dood, die hel, ek het alreeds die oorwinning. Hy's my Oorwinning, en ek is Sy bewys, en ek's 'n bewys van Sy Oorwinning. Amen! Dis reg.

207 "Hoe weet jy jy het Dit?" Ek het Dit. Amen. Hy het my Dit gegee deur Sy genade. Ek voel Dit. Ek weet Dit. Ek sien Dit werk in my lewe. Dit het my verander. En volgens hierdie Boek hier, het

Hy gesê dat ek Ewige Lewe gehad het en nie in staat sou wees om in die Oordeel te beland nie, maar dat ek oorgegaan het uit die dood na die Lewe, omdat Hy my oordeel vir my geneem het. En as Hy die prys betaal het, moet my nie by enige Oordeel probeer bring nie. Hy het dit klaar vir my geneem, en ek het dit aanvaar. Ja, meneer.

208 So daar's geen oordeel meer nie. Daar is geen—geen dood meer nie. O, ek moet die kerk verlaat en die mense eendag, maar daardie . . . as Jesus vertoef. En as dit gebeur, wel, goeiste, ek is nie dood nie. Ek kan nie sterf nie, ek het Ewige Lewe. Hoe kan ek sterf met Ewige Lewe? Sien? Altyd in die Teenwoordigheid van God, en sal vir altyd by Hom wees! Amen! Dit maak my hart bly, goeiste, wil my weer laat begin preek. Sien? Dis reg. O, Hy's Wonderlik!

Is Hy nie wonderbaar, wonderbaar,
wonderbaar?
Is Jesus my Heer nie wonderbaar?
Oë het gesien, ore het gehoor, wat geskryf is in God se Woord;
Is Jesus my Heer nie wonderbaar?

Ek hou van daardie getuienis.

Oë het gesien, ore het gehoor, wat geskryf is in God se Woord;
Is Jesus ons Heer nie wonderbaar?

209 O, ek het Hom lief! Hy's my Vrede, my Lewe, my—my Hoop, my Koning, my God, my Verlosser, (goeiste, o, goeiste!), my Vader, my Moeder, my Suster, my Broer, my Vriend, my alles! Sien julle? Ons het altyd 'n liedjie soos daardie gesing. Julle weet, kry julle almal ooit daardie Pinksterliedjies soos . . . Ek hoop hulle het daardie bandopnemer afgeskakel, sien. Daardie lied wat ons altyd gesing het:

Hy's my vader, my moeder, my suster en my broer,
Hy's alles vir my.

Hy's alles, Hy's alles vir my;
Hy's alles, Hy's alles vir my;
Want Hy's my vader, my moeder, my suster en my broer,
Hy's alles vir my.

210 Onthou toe ons dit altyd gesing het? Enige van julle onthou dit? Goeiste, jare gelede! En dan het ons altyd gesê:

Ek weet dit was die Bloed, ek weet dit was die Bloed,
Ek weet dit was die Bloed vir my;
Eendag toe ek verlore was, het Hy gesterf op die Kruis,
En ek weet dit was die Bloed vir my.

211 Onthou daardie ou lied? Laat ons sien, wat was die ander een wat ons gesing het? Laat ons sien.

O, sal julle nie met my waak vir een uur nie,
Terwyl ek gaan, terwyl ek gaan?
O, sal julle nie met my waak vir een uur nie,
Terwyl ek gaan om te bid?

Ek oorwin, ek oorwin,
Ek oorwin, ek oorwin;
Want ek het Jesus lief, Hy's my Verlosser,
En Hy glimlag en Hy het my ook lief.

212 Was altyd Broer Smith, 'n gekleurde broer, wat altyd hier op die hoek was. O! Ek sou daardie gekleurde mense daaronder hoor, ek sou net daar sit en skree en huil en alles, my motor skud en so rondom dit spring. Hulle sou almal hulle hande klap. [Broer Branham klap sy hande terwyl hy sing—Red.]

O, sal julle nie met my waak . . .

Daardie klein ritme wat die gekleurde mense het, julle weet. Niemand kan soos hulle sing nie; jy kan dit net sowel vergeet. Sien?

. . . een uur nie,
Terwyl ek gaan, . . .

213 O, goeiste! Ek sit daar, ek het gesê: "O God!" Hierdie ou seuntjie, omtrent twintig jaar oud, ek sou om en om daardie motor hardloop, en net skree en God prys soos daardie. O, wat 'n tyd! Dit was net die vroeë begin, toe God net onder die mense beweeg het soos daardie. Nou het ons gekom in 'n sterk Kerk. Nie baie in getal nie, maar kragtig in die Gees. Amen. Hoe wonderlik!

214 Daar het hulle altyd 'n liedjie gesing . . . Ek onthou die dag daaronder in Chattanooga, Tennessee, toe ek ontmoet het hierdie . . . Nie Chattanooga nie, dit was onder in Memphis, waar ek hierdie gekleurde vroutjie ontmoet het, julle weet, daarbuite gestaan het. Julle het my hoor vertel daarvan, julle weet. Haar seun het die geslagsiekte gehad. En sy het hierdie man se hemp om haar kop gedraai gehad, geleun oor die bankie soos *daardie*. En die Here het daardie vliegtuig gestop daar en wou dit nie laat gaan nie, op een of ander manier, en hulle het vir my gesê om te kom kry . . . En die Heilige Gees het gesê: "Neem 'n uitstappie en gaan af na *hierdie* kant."

215 En ek het daar afgestap, gesing. Ek het gedink: "Goeiste, my vliegtuig is omtrent gereed om te vertrek!"

216 Net aanhou sê: "Beweeg aan. Bly voortgaan. Bly voortgaan." Net die vroeë deel van my bediening.

217 En ek het gekyk, geleun oor die heining daar, en 'n klein gehuggie, plekkie daar. Daar was 'n ou suster wat daar gestaan het. O, sy was . . . Gelyk soos een van hierdie susters op die Tant

Jemima pannekoeke. Yslike groot vet wange, julle weet, en haar—haar hare, haar hemp agtertoe gevat. Sy het oor die hek geleun soos daardie, en ek net. . . Ek het daardie liedjie gesing van. . . klein. . . Wat was die. . . Ek vergeet die naam van die liedjie wat ek gesing het. Nou, dis iets omtrent—omtrent. . . Dit was 'n Pinkster koordjie, 'n klein prysliedjie.

218 En ek het net ophou sing, ek het baie naby gekom. En ek het verbygestap. En sy het daar gestaan en die trane wat langs daardie groot vet wange afloop; ek wou haar druk. Sy het gesê: "Môre, pastoor!"

Ek het gesê: "Tannie, wat het jy gesê?"

Sy het gesê: "Ek het gesê: 'Goeiemôre, pastoor.'"

219 Ek het gesê: "Hoe het jy geweet ek was 'n pastoor?" Nou, vir die mense in die Suide, beteken dit "prediker," julle weet. Gesê: "Nou, hoe het jy geweet ek was 'n pastoor?"

Sy het gesê: "Ek het geweet jy kom."

220 Ek het gesê: "Jy het geweet ek kom?" Ek het gedink: "Uh-oh, hier is dit, sien."

221 Sy het gesê: "Ja, meneer." Gesê: "Het—het jy ooit die storie gelees in die Bybel, pastoor, van die Sunamitiese vrou?"

Ek het gesê: "Ja, tante, ek het dit gelees."

222 Sy het gesê: "Ek was daardie soort vrou." Sy het gesê: "Ek het die Here gevra om vir my 'n baba te gee, ek en my man, en ek sou dit grootmaak vir Hom." Gesê: "Hy het, Hy het my die baba gegee." En gesê: "Ek het dit grootgemaak, goeie seun." Gesê: "Hy het deurmekaar geraak met die verkeerde groep, pastoor. Hy het 'n slegte siekte gekry," en gesê: "hy lê daarbinne sterwend. Hy was sterwend vir omtrent twee dae nou. Hy het nie eens bygekom vir twee dae nie. Die dokter was hier, het gesê 'Hy kan nie lewe nie,' gesê: 'hy's sterwend.' Dit was 'n sosiale siekte." En het gesê—gesê: "Ek kan net kwalik verduur om te sien dat my baba sterf, en ek het heelnag gebid." En gesê: "Ek het gesê: 'Here,' gesê: 'ek was die soort vrou wat die Sunamitiese vrou was, maar,' gesê: 'waar is U Elisa?'"

223 En gesê: "Ek het aan die slaap geraak en ek het 'n droom gedroom, dat ek hier gestaan het by hierdie hek, en ek het jou sien afkom met die straat met daardie hoedjie wat soort van op die kant van kop sit." Maar gesê: "Daar's net een ding," gesê: "waar is daardie. . . " Gesê: "Jy is veronderstel om 'n tas in jou hand te hê."

Ek het gesê: "Ek het dit net hier gelos by die Peabody Hotel."

224 Gesê: "Ek het geweet jy was veronderstel om 'n tas te hê." En sy het gesê: "My baba is sterwend."

Ek het gesê: "My naam is Branham."

Sy het gesê: "Ek is bly om jou te ontmoet, pastoor Branham."

225 Ek het gesê: "Ek bid vir die siekes. Het jy ooit gehoor van my bediening?"

226 Sy het gesê: "Nee, ek glo nie ek het ooit nie." Gesê: "Wil jy nie inkom nie?" En ek het ingestap.

227 Daardie groot kêrel wat daar gelê het soos daardie. Ek het haar probeer vertel van Goddelike genesing, maar dit was nie waarin sy geïnteresseerd was nie. Sy wou hê daardie seun moes sê hy was "gered en gereed om te gaan." En sy sê . . . En God het hom gered.

228 En omtrent 'n jaar later het ek hom daarbuite gesien as 'n rooipet onder by die stasie. Hoe die Here dinge doen!

229 En toe, toe ek terugkom, daarna, was ek veronderstel . . . daardie vliegtuig was veronderstel om sewe-uur te vertrek, en dit was omtrent half-tien. En ek het 'n huurmotor gekry en teruggegaan. En net soos ek ingekom het, gesê: "Laaste oproep vir vlug nommer *so-en-so*." Die Here het daardie vliegtuig op die grond gehou terwyl ek gegaan het en vir daardie seun gebid het. Sien? Dis reg.

230 Ek het probeer dink aan daardie, liedjie: "*Een Van Hul*." Dis reg. O, hoe ons altyd daardie kring gemaak het daarbinne en ons hande geklap het. Ons sou sê:

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul; (Halleluja!)
Een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Hulle was vergader in die bovertrek,
Al biddend in Sy Naam,
Hul's gedoop met die Heil'ge Gees, En deur krag tot diens bekwaam;
Wat Hy doen op daardie dag
Doen Hy vir jou net so,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul. (Is jy?)

231 Luister na hierdie vers.

Al is meeste ook maar ongeleerd,
En sonder wêreldseer,
Hul almal het God's Gees ontvang;
Gedoop in Jesus' Naam;
Nou weet hul Hy's dieselfde nog
En preek dit deur die land,
En ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Een van hul, o, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, kom, my broer, soek die seën
Wat die sonde sal oorwin,
Wat sal maak dat jy die Heiland
In Sy volheid ook sal ken;
O, vol van vreugde, vol van liefde,
Sal dit in jou hart ook brand,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul. (Is julle bly daaroor?)

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

232 O, is julle nie bly nie? Laat ons net hande skud met mekaar terwyl ons dit sing. Wat sê julle? Laat ons dit doen.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;

O, ek is ook so bly, broer.

O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, kom, my broer, soek die seën
Wat . . . sal oorwin,
Wat sal maak dat jy die Heiland
In Sy volheid ook sal ken;
O, vol van vreugde, vol van liefde,
O, sal dit in jou hart . . .

Laat ons ons hande opsteek.

Bly dat ek kan sê ek's een van hul.

233 Almal saam.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Ek's een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

234 Luister nou weer aandagtig, sien.

Hulle is meeste—meeste ook maar ongeleerd, (hulle het nooit van die kollege afgekom nie)
En sonder wêreldseer,
Hulle het almal hulle pinksterseën ontvang,

Gedoop in Jesus' Naam;
En nou weet hul Hy's dieselfde nog (elke hoekie
en draaitjie)
En preek dit deur die land
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

235 O, sing dit, kerk!

. . . hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van . . .

236 Neem jou sakdoekie nou.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
O, een van hul, een van hul,
En ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

237 Prys die Here! Amen! Ons is net soos kinders. Niks formeel omtrent ons nie. God is sonder vorm. Is dit reg? Ja, meneer!

Ek's een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Ek's een van hul, een van hul,
O, ek's so bly dat ek kan sê ek's een van . . .

238 Is julle regtig bly julle kan dit sê? Steek net julle hand op, sê: "Prys die Here!" [Gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.] Prys die Here! Ek's bly dat ek een van hulle is! Ek's bly om te wees.

239 Here God, ek's so bly. Een van hulle! Een van hulle! Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hulle. O God, help ons om dit te wees. Help ons om die Ligte te laat aanhou skyn, Here, soos ons marsjeer na Sion. Skenk dit, Vader. In Jesus se Naam, gee ons ons lewe aan U vir diens. Amen. Amen.

O, ons marsjeer na Sion,
O, pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige stad van God.

Kom, ons wat die Here liefhet,
En laat ons vreugdes bekend raak,
Sing saam die lied in soet' akkoord,
Sing saam die lied in soet' akkoord,
En omring so die troon
En . . . (O, sing net in die Gees!) . . . troon.

O, ons marsjeer na Sion,
Daardie pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige stad van God.

O, ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige stad van God.

Laat hulle dan weier om te sing
Wat nooit ons God geken het nie;
Maar kinders van die hemelse Koning,
Maar kinders van die hemelse Koning,
Mag hul vreugdes bekend maak,
Mag hul vreugdes bekend maak.

240 Laat ons dit sing!

Ons marsjeer na Sion,
O, pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige stad van God.

241 O, skuur dit julle nie uit nie? Is julle nie lief vir daardie ou liedere nie? Ek sou hulle liewer hê as alles wat julle kan . . . of enige van hierdie ander soort liedjies wat julle kan hê. Daardie is goed, ou liedere uit die hart. O, goeiste! Ek voel so goed en bly wanneer ek hulle sing, net goed. Goeiste, voel net om te prys!

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem dit, oral met jou mee.

Dierb're Naam, (dierb're Naam!), O hoe soet!
(O hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

242 Soos ons nou ons hoofde buig:

Voor die Naam van Jesus buigend,
Voor Sy voete val,
Koning van konings in die Hemel sal ons Hom
kroon,
Wanneer ons reis verby is.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en . . .

[Broer Neville sluit die diens—Red.]

God Veroordeel Nie Die Mens
Sonder Om Hom Eers Te Waarsku Nie AFR63-0724
(God Doesn't Call Man To Judgment Without First Warning Him)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 24 Julie 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org